IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

A/

SAAKNOMMER: CC 482/85 | PRETORIA

1988-01-21

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

--------------------

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

--------------------

VOLUME 329

(Bladsye 18 795 - 18 858)

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

COURT RESUMES ON 12 JANUARY 1988.

MOTLALEPULE MARTHA OLIPHANT, d.s.s (Through interpreter)

FURTHER EXAMINATION BY MR BIZOS : You told us that you did not hear anyone ordering you to disperse but that there was teargas and other shots? -- That is so.

What did you do as a result of that? -- I also ran away with the people who were running at the time of dispersing.

Where did you go to? -- I ran into one of the yards there and took cover in a toilet.

And thereafter what did you do? -- I delayed there in the toilet where I was taking cover for a period of about thirty minutes. The reason for that is because at that time I could still hear the noise from the guns and the noise from people who were shouting.

Did it quieten down? -- Yes, at some stage it was quiet.

And did you go home? -- That is so.

And have you been at home since then?

COURT : Pardon?

MR BIZOS : Have you been living in the same home since then? -- Yes, up to now.

Thank you, My Lord, I have no further questions.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mev. Oliphant, is dit korrek dat aanvanklik het u en u man die raadslede gesteun? -- Ek verstaan nie wat die vraag is nie. Hoe steun?

Deurdat jou man vir 'n sekere Alfred Phera wat 'n kandidaat was in die verkiesing van November 1983 in wyk 3, dat hy vir hom gehelp het in sy verkiesingstryd? -- Ja, dit is so.

En het u ook gehelp in sy verkiesingstryd, hierdie Alfred Phera? -- Dit is waar.

Op die verkiesing die dag het mnr. Phera nie die paal

gehaal/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gehaal nie, hy is nie verkies nie. Is dit reg? -- Ja, dit is reg, hy het nie.

Die dag van die verkiesing, het jy en jou man gehelp by die lokale waar gestem was? -- Met wat gehelp?

In die lokale met die mense om te gaan stem?

HOF : Wag nou net so 'n bietjie, mnr. Jacobs. Kan enigeen sommer in die stemlokaal inkom en daar gaan help of bedoel u buitekant die stemlokaal?

MNR. JACOBS : Buitekant die stemlokaal om die mense reg te help wat ingaan om te stem? -- Nee, ons het dit nie gedoen nie. Elkeen wat daar gekom het, was daar om deel te neem aan die verkiesings en elkeen het die reg gehad om te besluit vir wie hy gaan stem.

Het jy en jou man self gaan stem daardie dag? -- Ja, ons het gegaan.

HOF : Kan ek net duidelikheid kry. U het vir die kandidaat gehelp in die verkiesing, deur wat te doen? -- Ek het niemand gesien hulp verleen aan die kandidate daar nie. Wat ek wel kan sê is dat daar was twee stembusse gewees. Die een was van Bafutsana en die ander een was vir die ander mense. So, elkeen wat daar gekom het, het sy diskresie gebruik om by 'n bus te gaan stem.

U het vir ons netnou gesê dat u en u man het in die verkiesing, die verkiesingstryd, noem dit maar so, vir Alfred Phera gehelp. Nou wil ek weet waaruit het dit bestaan? -- Ons het net gaan stem vir hom en geen ander hulp nie, want hy self was ook nie daar by die stemlokaal nie.

Voor daardie stemdag? -- Ons het hom glad nie gehelp met enigiets voor daardie dag nie.

MNR. JACOBS : Het julle nie gehelp om vir hom mense te

kry/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

kry om vir hom te stem en mense te gaan sien en te probeer oorhaal voor dit, voor die dag van die stemmery en gesê "Dit is 'n goeie kandidaat daardie, julle moet vir hom stem" nie? -- Ek glo daaraan dat met die verkiesings word daar nie mense gesoek of oorreed om iemand te gaan kies nie. Dit is vir elkeen om te besluit vir watter persoon hy of sy wil stem.

Die dag van die verkiesing daar buitekant die stemlokaal self in die pad daarso, kan jy onthou was daar mense wat met plakkate gestaan het? -- Ek het nie mense met plakkate daar gesien nie.

Kan jy onthou in die maand onmiddellik voor, Novembermaand onmiddellik voor die verkiesing of daar in die woonbuurtes georganiseer was dat die swartmense nie moes deelneem aan die verkiesings nie? -- Ek het dit nie te hore gekom nie.

Het jy enige plakkate gesien in daardie tyd uitgereik deur UDF wat versprei was en opgeplak was by die bushaltes in die woonbuurtes dat die mense nie moes deelneem aan die verkiesing nie? -- Nee, ek het dit nie gesien nie.

Het jy enige pamflette gekry van vergaderings wat gehou was deur VCA waarin dit gesê was dat die vergadering gaan daaroor dat mense nie moes deelneem aan die verkiesing nie? -- Ek het nie so 'n pamflet gesien nie.

Op 1 Augustus 1984 het u 'n brief gekry, u en u man van die Stadsraad van Lekoa waarin julle in kennis gestel is van die beplande huurverhoging van R5,90 met ingang van 1 September 1984?

HOF : Is die getuienis dat dit op 1 Augustus uitgestuur is of is die getuienis dat dit agterweë gehou is totdat die verslagvergadering gehou sou word?

MNR. JACOBS/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MNR. JACOBS : Sal ek dit dan so stel dat sy op enige stadium in Augustus of daarna ŉ kennisgewing ontvang het van die verhoogde huur? -- Ja, ek het.

En aanvanklik was julle tevrede om die verhoogde huur te betaal. Is dit reg? Julle het nie gelukkig gevoel daaroor nie, maar was nogtans tevrede om te betaal? -- Watter verhoging praat u nou van?

Van die R5,90? -- Ons was nie tevrede gewees nie.

Maar julle het tog besluit dat julle sou betaal? -- Wanneer was dit besluit deur wie dat dit betaal sal word?

Ek vra vir jou is dit reg dat jy en jou man het aanvanklik besluit dit is reg, julle sal dit maar betaal? -- Nooit nie. Ons het nooit so besluit nie.

Is dit nie so dat julle eintlike teenkanting teen die raadslede en die huur het ontstaan nadat jy die eerste huisvergadering bygewoon het nie? -- Dit is nie so nie.

Is dit reg dat op daardie eerste huisvergadering was daar wel gepraat teen die verhoogde huur en teen die raadslede? -- Niks was gesê van die raadslede by hierdie vergadering nie. Al wat daar bespreek was, was die verhoging van huur.

Was dit nie daar gesê op daardie vergadering enigiets omtrent die raadslede self en dat hulle miskien beloftes gemaak het en nie nakom nie of dat hulle nie hulle werk doen nie? -- Ja, daar was so ŉ praatjie gewees.

So, daar was dan ten opsigte van die raadslede wel iets gesê? -- Ja, ons het hulle geraak in die sin dat ons gesê het ons is nie tevrede met die manier waarop hulle ons behandel nie.

En/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

En wat het julle gesê wat is die manier wat hulle julle behandel? -- Dit is nie ŉ vreedsame of aanvaarbare manier van behandel nie.

Wat is die manier? Sê vir ons? -- In die eerste plek is dit omdat hulle versuim het om die beloftes wat hulle gemaak het uit te voer. Tweedens, na ek hulle genader het aangaande my ontevredenheid oor die verhoging van die huur, was daar geen aanduiding gewees dat dit aandag sal geniet dat hulle vir my iets kan sê daaromtrent nie.

Was dit ook daar gepraat dat hulle "puppets" en "sell-outs" is? -- Watter vergadering praat u van?

Die eerste huisvergadering? Dit is by beskuldigde nr. 10 se huis? -- Niemand het melding daarvan gemaak nie. Dit wil sê die "puppets".

Is dit nie so dat julle was gekant teen die raadslede en ook die raadstelsel nie? -- Ons was nie gekant daarteen nie.

Was julle nie gekant teen die raadslede ook nie? -- Nee, ons was nie gekant teen hulle nie.

Op hierdie vergadering is dit reg dat daar van die uitvoerende bestuur van VCA was ook teenwoordig? -- Ek was nie daarvan bewus dat daar sulke persone by hierdie vergadering teenwoordig was nie.

Was u bewus daarvan en het beskuldigde nr. 10 daar bekend gemaak dat hy die gebiedsverteenwoordiger vir gebied 3 op die VCA se bestuur was? -- Ek weet nie daarvan nie.

Het jy dit nooit agter gekom in al die tyd wat jy aktief was tot 3 September nie? Het jy nooit agter gekom dat hy ŉ bestuurslid van VCA was nie? -- Op die tydstip wat ek hom leer ken het, het ek hom geken as ŉ persoon wat by ŉ "trade

union/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

union", ŉ vakbond werksaam was.

Kan jy my net ŉ antwoord gee op my vraag? -- Ek het hom nooit geken as ŉ lid van VCA nie. Ek het alreeds vir die hof gesê as wat ek hom leer ken het.

HOF : Dit is nou tot 3 September 1984? -- Ja.

MNR. JACOBS : Esau Raditsela, het jy geweet dat hy was die vise-voorsitter en op daardie stadium die waarnemende voorsitter van VCA?

MR BIZOS : "As waarnemende voorsitter", my learned friend tried before and there was an objection. He can call him if he likes a de facto or I do not know, but he is interpreting the evidence. He is not quoting the evidence.

HOF : Noem hom ŉ aktiewe vise- voorsitter, dan is ons almal tevrede.

MNR. JACOBS : Die aktiewe vise-voorsitter van VCA op daardie stadium? -- Mnr. Raditsela was nie so goed bekend aan my nie. ŉ Persoon wat wel aan my bekend was, was sy vrou, mev. Raditsela.

Kan ons net duidelikheid kry, het jy ooit geweet dat hy op die bestuur gedien het van VCA? -- Nee, ek het dit nog nooit so geweet nie.

Mej. Edith Lethlaka, het jy haar geken? -- Ja, ek het haar geken.

Het jy geweet dat sy gedien het op die bestuur van VCA? -- Nee, ek het haar nie op daardie manier geken nie.

Nooit nie? Jy het nooit geweet dat sy het op die bestuur van VCA gedien nie? -- Ek het nooit geweet nie.

Dit is dan ook so dat dit is Dorcas Raditsela, die vrou van Esau, wat jou gekry het om hierdie eerste huisvergadering by te woon? -- Dit is die waarheid. Sy is die persoon wat

my/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

my gesê het.

Wat het sy gesê hoekom moet jy na daardie vergadering toe gaan? Vir watter doel? -- Sy het gesê die vergadering wat daar gehou gaan word, is die een wat die verhoging van R5,90 gaan bespreek.

Wat beteken dit om te sê hulle gaan dit bespreek? Sy moes tog seker vir jou meer inligting gegee het as net te sê hulle gaan dit bespreek? -- Sy het niks meer as dit aan my verduidelik nie.

Het sy nie aan jou toe verduidelik dat hulle gaan daardie vergadering hou om 'n gebiedskomitee vir gebied 3 te kies of die aanvoorwerk daarvoor te doen nie? -- Nee, sy het dit nie gesê nie.

Was beide Esau Raditsela en Edith Lethlaka op hierdie eerste huisvergadering wat jy bygewoon het? -- Ja, hulle het opgedaag.

En Sam Matlole, beskuldigde nr. 17? Het jy kennis gedra dat hy gedien het op die gebiedskomitee van gebied 7? -- Nee, ek het nie sulke kennis gehad nie.

Het jy nooit daardie kennis opgedoen nie? -- Met die ander vergaderings wat verder gehou was, het ek toe daardie kennis opgedoen.

En hy was ook op daardie eerste huisvergadering gewees? -- Hy was nie teenwoordig nie.

Is jy seker daarvan? -- Sover as wat my geheue gaan, was hy nie teenwoordig nie.

Mnr. Maruping, was hy op daardie vergadering teenwoordig? -- Hy was teenwoordig.

Is dit nie so dat hy was op al die huisvergaderings teenwoordig nie? -- Hy het vergaderings bygewoon.

Huisvergaderings/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Huisvergaderings? -- Ja.

Is dit dieselfde mnr. Maruping wat op die vergadering, die massavergadering van 26 Augustus 1984 die voorstel gemaak het dat julle moet die opmars hou? -- Ja, hy is die persoon wat dit gesê het.

Is dit korrek op hierdie eerste huisvergadering was daar twee baie belangrike besluite geneem. Is dit reg? Die eerste was dat julle vir gebied 3 'n gebiedskomitee moet kies en dat julle moes werk in daardie rigting? -- Ek verstaan nie as u sê ons moet werk in daardie rigting nie, wat bedoel u daarby?

Julle moes al die aanvoorwerk doen om 'n gebiedskomitee tot stand te laat kom in gebied 3? -- Ja, dit is waar.

En dat hierdie gebiedskomitee sou dan ook deel vorm van die VCA? -- Nee, geen melding was gemaak van VCA nie. Al wat daar gesê was was oor die komitee.

Is dit nie so dat die gebiedskomitee van gebied 3 is 'n deel van die VCA nie? -- Ek het nie daarvan kennis gedra nie dat dit eintlik te doene gehad het met VCA nie. Al wat ek geweet het was dat dit is 'n komitee van gebied 3 wat gestig word.

HOF : Het julle julleself 'n "civic" genoem? -- Nee, dit het nie 'n naam gehad nie.

MNR. JACOBS : Die tweede belangrike beslissing wat julle op hierdie eerste huisvergadering geneem het was dat om die gebiedskomitee op die been te bring moes daar so gou as moontlik 'n massavergadering gehou word? -- Die vergadering wat daardie dag gehou sou word, het nie te doene gehad met die komitee nie.

Watter vergadering wat watter dag gehou sou word?

Ek/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

-- Ek verwys na die vergadering wat u nou net hier beskryf het en gesê het dat daar besluit was om so gou as moontlik ŉ massavergadering te hou met die oog op die stigting van die komitee. My antwoord is daardie vergadering van daardie dag wat u na verwys, was nie bedoel vir daardie doel nie.

Was dit nie die doel om op die massavergadering ŉ gebiedskomitee tot stand te laat kom deur die gemeenskap wat die vergadering bywoon nie? -- Die doel van hierdie vergadering waarvan ons nou praat was om die gevoelens van die gemeenskap as geheel in die algemeen te hoor wat hulle sê aangaande hierdie kwessie wat ons bespreek het.

En as enigiemand sou sê die mense was baie angstig om so gou as moontlik ŉ gebiedskomitee te kry sodat hulle ŉ mandaat van die gemeenskap in gebied 3 kon kry om die huurvraagstuk aan te pak, dan is dit nie eintlik waar nie? -- Dit is miskien hoe daardie persoon dit gesien het in sy gedagte. Die rede daarvoor is dat hierdie gebeure lank gelede plaasgevind het.

Kan ons dan net uit jou getuienis uit duidelikheid kry. Was daar geen sprake daarvan gewees dat julle sou op hierdie eerste huisvergadering bespreek dat daar ook ŉ gebiedskomitee vir gebied 3 gekies word nie? -- Is dit wat u nou sê my getuienis is?

Nee, ek vra vir jou. Wat is jou antwoord op my vraag? -- Ja, ek sê die doel van hierdie vergadering met die gemeenskap was met die oog daarop om die gevoelens van die gemeenskap te kry waar die gemeenskap bymekaar is, wat die gevoel is aangaande die kwessie van die verhoging van huur.

Was dit belangrik om die gemeenskap se steun te kry sodat hulle kon instem vir die stigting van ŉ gebiedskomitee?

Ja/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

-- Ja, die gevoel van die gemeenskap is meer belangrik. Dit kry voorkeur voor die stigting van die komitee.

Ja, maar dit antwoord nou nie my vraag nie. Ek het vir jou gevra was dit belangrik gewees om die steun van die gemeenskap te kry vir die stigting van 'n gebiedskomitee vir gebied 3? -- Ja, dit was belangrik gewees om die steun van die gemeenskap te kry.

So, dit was dan ook belangrik om die boodskap oor te dra aan die gemeenskap dat hulle moet toestem tot so 'n komitee? -- Ja.

Het julle op hierdie vergadering, die eerste huisvergadering bespreek wie sprekers op daardie massavergadering sou wees wat julle beplan het? -- Daar was nie sprekers daar uitgewys vir daardie vergadering nie.

Die eerste huisvergadering was gewees op 14 Augustus 1984. Is dit korrek? -- Ja, dit is so.

En die massavergadering het julle op daardie eerste huisvergadering besluit sou gehou word op 19 Augustus 1984? -- Dit is so.

So, die tyd was eintlik baie kort gewees, van die 14de tot die 19de? -- Die tyd was nie kort gewees nie.

Is vyf dae nie 'n kort tyd nie? -- Dit is nie 'n kort tyd nie.

Wanneer sou julle dan nou besluit het wie sou sprekers gewees het op die vergadering? -- Ons kon nie op sprekers besluit het alvorens ons 'n vergaderplek gekry het nie.

Kon julle nie voorlopig besluit het op sprekers nie? -- Dit is nie hoe ons dit voorberei het nie.

Op hierdie eerste huisvergadering is dit dan ook besluit dat Lord McCamel moet die voorsitter wees op hierdie

massavergadering/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

massavergadering van 19 Augustus 1984? -- Ja, dit was op hom besluit as ŉ voorsitter.

Hy was op daardie stadium die de facto voorsitter van VCA?

HOF : Wat beteken de facto? Nie de jure nie?

MNR. JACOBS : Ek sal sê die werklike ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Hy was die voorsitter?

MNR. JACOBS : Die voorsitter.

HOF : Los maar die de facto. Dit maak dit ŉ bietjie moeilik vir die tolk ook.

MNR. JACOBS : Hy was die werklike voorsitter van VCA op daardie stadium? -- Ek het alreeds aan die hof verduidelik dat ek destyds nog niks van VCA geweet het nie.

Was dit nie daar bespreek dat hy as die voorsitter van VCA is die aangewese man om daar voor te sit by daardie massavergadering nie? -- In hierdie vergadering was daar niemand gewees wat die naam van VCA genoem het nie.

Glad nie? -- Glad nie. Niemand het melding daarvan gemaak nie.

Hoekom het hulle dan besluit dat Lord McCamel moes die voorsitter wees van daardie vergadering? -- Dit was net ŉ besluit gewees wat daar geneem is dat hy ŉ voorsitter moet wees van die vergadering. Die rede hoekom op hom besluit was, was nie verstrek nie.

Het jy die tweede huisvergadering bygewoon? -- Ja, ek het dit bygewoon.

Op hierdie tweede vergadering was daar ŉ aksiekomitee gekies vir gebied 3? -- Ja, dit was gekies.

Was u en u man ook verkies as lede van hierdie aksiekomitee? -- Nie ek nie. Net my man was gekies.

En/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

En mnr. Maruping, was hy ook gekies op die aksiekomitee? -- Ja, hy was gekies.

Wat was die taak van hierdie aksiekomitee? Wat het julle as ŉ groep wat die vergadering gehou het opgedra aan hierdie aksiekomitee? -- Hulle was gekies om ŉ vergaderplek te gaan soek vir die vergadering wat gehou sou word.

Is dit al? -- Ja, dit is al waarvan ek weet.

Sou hulle nie ook ander reëlings moes getref het in verband met die stigting van die gebiedskomitee op daardie massavergadering indien dit sou plaasvind nie? -- Ek kan nie onthou dat daar so iets was nie.

HOF : Wie was die saamroeper van die aksiekomitee? -- Dit is vir my moeilik om vir u te kan sê, maar wat ek wel kan noem aan die hof is dat by die eerste huisvergadering was daar ŉ voorstel gewees dat daar ŉ aksiekomitee gestig moet word. Wie die persoon is kan ek nie meer onthou nie.

MNR. JACOBS : Maar wie was die leier of die voorsitter of die saamroeper van die aksiekomitee? -- Niemand was spesifiek genoem nie. Die mense was net gekies op die aksiekomitee.

Beskuldigde nr. 10, was hy ook gekies op die aksie-komitee? -- Nee, hy was nie gekies nie.

En beskuldigde nr. 8, was hy gekies op die aksiekomitee? -- Hy was gekies.

Moes die aksiekomitee nie ook reëlings tref omtrent die - as die vergadering wel sou plaasvind - advertering daarvan en die sprekers wat daar moes optree nie? -- Ek kan my nie meer voorstel of daar so iets aan hulle gesê was nie.

Is dit nie miskien reg so dat op hierdie tweede huis-vergadering was Esau Raditsela daar en toe hy sê die tyd is nou min, julle kry nie ŉ lokaal nie, dat hy aanbied dat

julle/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

julle saam met hulle vergadering hou op 26 Augustus 1984 te Small Farms nie? -- Mnr. Raditsela was nie by die tweede vergadering teenwoordig nie.

Is dit nie wat gebeur het nadat dit nou bekend gemaak is dat die lokaal kan nie gekry word nie, het ene mnr. Kobe voorgestel dat die vergadering van 19 Augustus 1984 in ʼn tent by sy huis gehou word nie? -- Ja, mnr. Kobe het so gesê.

Is sy voorstel aanvaar? -- Dit was nie aanvaar nie.

Hoekom nie? -- Sy huis is net so klein soos ander huise. Die grootte daarvan verskil nie van die ander huise nie. So, waar sou die ander mense dan geakkommodeer word wat die vergadering bywoon?

Jy vermy nou die vraag, want die vergadering moes in ʼn tent gehou gewees het. Dit is wat ek aan jou gestel het netnou op sy perseel? -- Niemand het die tentstorie aanvaar nie.

Jy antwoord nie my vraag nie. Ek vra hoekom nie. Julle kan nie ʼn lokaal kry nie, hy bied aan om ʼn tent in die hande te kry en op sy perseel op te slaan en dan daar vergadering te hou? -- Dit is omdat sy tent klein was vir die mense wat ons verwag het om die vergadering by te woon. So, dit sou beteken het dat ander mense daar buitekant moet staan.

Is dit nie so nie dat dit is omdat julle toe alreeds die lokaal by Small Farms gehad het by die Rooms Katolieke Kerk op 26 Augustus? -- Nee, by die tweede vergadering wat u van praat, was daar nog niks bekend gemaak oor die lokaal te Small Farms nie.

Was ene mnr. Chikha Selebalo op daardie tweede vergadering gewees? -- Ek kan nie meer onthou of hy by die tweede

vergadering/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

vergadering teenwoordig was nie.

Miskien kan jy onthou as ek jou iets van hom vertel. Kan jy onthou of hy die persoon is en iemand toe daar gesê het hy was by ŉ vergadering van raadslede en dat raadslede gesê het as die inwoners ŉ petisie opstel en dit inlewer dan sal die huurverhogings uitgestel word? -- Dit is nie waar hy dit gesê het nie.

By watter vergadering was dit? -- Dit was die vergadering na hierdie een by ŉ vergadering wat op Dinsdag, die 21ste gehou was. Dit is waar hy dit gesê het.

Toe hy dit gesê het was julle seker baie bly gewees, want nou is daar ŉ moontlikheid, as julle die petisie bring kan die huurverhoging uitgestel word? -- Ons was bly om dit van hom te hoor.

Want nou is daar mos ŉ oplossing vir die huurverhoging? -- Watter oplossing was daar?

Om ŉ petisie op te trek en as julle dit inlewer dan word die huurverhoging uitgestel? -- Ons was bly om dit te hoor op die manier waarop hy dit aan ons oorgedra het.

En julle het toe sommer ook ŉ komitee aangestel om die petisie op te trek? -- Dit is so.

Het jy op daardie komitee gedien? -- Dit is so.

Wie was julle almal wat aangestel was op hierdie komitee om die petisie op te trek? -- Ekself, Simon Vilakazi.

Dit is beskuldigde nr. - dit is die gewese nr. 18, ek is jammer. -- Selebalo, Kobe. Ons was net vier persone gewees.

Wie was die voorsitter van hierdie komitee van julle? -- Mnr. Selebalo was die voorsitter. Die rede hoekom hy ŉ voorsitter was, is omdat hy die persoon is wat met hierdie

petisiestorie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

petisiestorie daar gekom het.

En hy het seker sommer dadelik gegaan en begin om - die komitee - hierdie petisie te skryf? -- ŉ Dag is neergesit daarvoor wat die volgende dag was toe ons weer bymekaar gekom het. Dit wil sê die lede van die komitee.

Het julle toe bymekaar gekom? -- Ons het wel, maar nie almal nie.

En toe het julle die petisie opgetrek? -- Ons het dit nie opgetrek nie. Dit was weens onkunde.

Het julle nie hulp gesoek nie? Dit is mos iets belangriks? -- Nee, die rede hoekom ons dit nie gedoen het nie, was die volgende. Mnr. Selebalo is die persoon aan wie die petisiestorie oorgedra was. Dit was volgens hom verduidelik aan hom deur die raadslede hoe om ŉ petisie op te trek. Die vergadering was dus by sy plek gewees. Met ons aankoms daar was hy nie tuis nie. Dus met die gevolg, van die lede wat daar was het geen kennis gehad van hoe ŉ petisie opgetrek moet word nie.

Het julle niks gedoen om daardie petisie op te trek op enige stadium daarna nie? -- Nee, dit was nie meer opgetrek nie.

Maar hoekom nie? Hoekom het julle nie agterna gegaan en uitgevind en miskien net vir ŉ paar oomblikke weg nie? Hoekom het julle nie ŉ bietjie moeite gedoen nie? -- U moet my verstaan. Die vergadering moes gehou gewees het by Selebalo se huis. Met ons aankoms, dit wil sê die ander lede van die komitee by sy huis waar die petisie opgetrek moes word, was hy nie tuis nie. Ons het vir ŉ lang tyd daar vertoef sonder dat hy teruggekeer het.

Ja, maar my vraag gaan verder as om net daar by sy

huis/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

huis te wag? Hoekom het julle nie agterna iets gedoen daaromtrent nie? Dit sou mos in julle voordeel gewees het want julle is die mense wat die huur betaal en die huur kan opgeskort word of uitgestel word? -- Ons kon dit nie verder geneem het nie, want net ek en Koli was daar en beide van ons, nie een was in staat gewees om ŉ petisie op te trek nie weens onkunde.

Is die werklike rede nie dat julle was eintlik nie baie ernstig met die petisie nie? Want as die petisie opgestel sou word en die huur word uitgestel dan neem dit al julle gronde weg om teen die raadslede en raadstelsel te aggiteer? -- Wat? Die vraag is nie vir my duidelik nie.

My stelling aan jou is dat julle was glad nie ernstig met hierdie - om so ŉ petisie op te stel nie, want as die petisie suksesvol sou wees en die huur opgeskort word, of uitgestel word, dan sou julle nie meer gronde hê om te kan aggiteer teen die raadstelsel en raadslede en die mense opsweep teen hulle nie? -- Dit is nie reg nie. Ek glo daaraan dat ons die ding wel ernstig opgeneem het, want as dit nie die geval was nie, sou ons nie na Selebalo se huis toe gegaan het om daar sŏ lank vir hom te sit en wag nie.

<u>HOF</u> : Het u die volgende dag na Selebalo gegaan en vir hom gesê "Waarom het jy nie opgedaag nie en vir Simon Vilakazi gesê waarom het jy nie opgedaag nie? Kom ons doen nou iets omtrent die ding"? -- Die rede daarvoor is dat mnr. Selebalo is in diens as ŉ inspekteur van busvervoerdienste. Daar is sekere dae wat hy vroeg tuis is. Die res van die dae kom hy laat terug. Die betrokke dag waarop besluit was dat ons by sy huis moet vergader, was sy dag om vroeg terug te wees. Andersins sou hy laat teruggekom het.

En/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

En Vilakazi? -- Hy het ook nie hierdie dag opgedaag nie.

MNR. JACOBS : Op die volgende huisvergadering - die een wat jy netnou van gepraat het van 21 Augustus - is julle almal bymekaar daar, julle kon gerapporteer het "Kyk, ons was nie suksesvol met die petisie nie. Kom ons pak dit sommer nou hier aan."

HOF : Wag nou 'n bietjie. Die getuie sê dat die kwessie van die petisie is opgehaal deur Selebalo op 21 Augustus. Nou moet u nie sê by die volgende huisvergadering, dit was 21 Augustus nie, dan maak u die getuie deurmekaar.

MNR. JACOBS : Ek was ook self deurmekaar gewees. Ek is jammer. Die volgende huisvergadering, wanneer was dit gewees na die 21ste? -- Die 23ste.

Dit is 23 Augustus 1984? -- Dit is so.

Op daardie huisvergadering het julle toe teruggerapporteer oor die petisie wat julle moes opgetrek het? -- Ja, ons het teruggerapporteer aan die vergadering dat ons nie daarin geslaag het om 'n petisie op te stel nie.

Was mnr. Vilakazi en mnr. Selebalo beide op hierdie vergadering? -- Hulle was nie teenwoordig nie.

Hoekom het julle dan nie daar toe ander mense, op daardie vergadering 'n voorstel gemaak dat die petisie sommer op daardie vergadering opgetrek moet word nie? -- Ek het alreeds hier aan die hof verduidelik dat Selebalo die enigste persoon was wat die kennis gehad het van hoe om 'n petisie op te trek.

Was daar nie ander mense wat ook geletterd was en wat dinge geken het soos beskuldigde nr. 10 op hierdie vergadering om dit te kan doen nie? -- Niemand daar teenwoordig het daaraan gedink of besluit dat ons beskuldigde nr. 10 kan

vra/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

vra om dit op te trek nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Was hy teenwoordig, nr. 10? -- Ja, hy was.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

MOTLALEPULE MARTHA OLIPHANT, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Die derde huisvergadering op 21 Augustus 1984 was dit nie ŉ gesamentlike vergadering tussen die mense van gebied 3 en die mense van gebied 7 nie? -- Gesamentlike vergadering deur gebiede 7 en 3? Hoe?

Ek vra mos nou vir jou. Dit is mos ŉ eenvoudige vraag. Wat is dit wat jy nie verstaan uit so ŉ vraag nie? -- Dit was gebied 3 se mense wat daar vergader het.

Hoekom het julle die vergadering beplan vir 21 Augustus 1984, hierdie derde een as julle massavergadering veronderstel was om op 19 Augustus plaas te vind? Wat was die doel hiervan? -- Dit was omdat ons nie daarin geslaag het om ŉ vergaderlokaal te kry vir die 19de nie, dat ons besluit het op die 21ste.

Maar op die vorige huisvergadering het julle mos al besluit om hierdie vergadering te hou op 21 Augustus 1984? -- Nee, ons het nie by die vorige vergadering besluit oor die datum van die 21ste, dat ons daardie dag ŉ vergadering gaan hou nie.

Die vorige huisvergadering was 16 Augustus, nè? 1984? -- Ja, dit is die tweede vergadering.

Is jy baie seker julle het nie op daardie 16de besluit dat julle gaan weer bymekaar kom op 21 Augustus nie? -- Wat by hierdie vergadering gesê was, dit is die 16de, is die volgende. Na die mense gekies was wat die vergaderplek

vir/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

vir ons sal moet kry vir die 19de, het ons toe besluit dat indien ons nie ŉ vergaderplek kry vir die vergadering van die 19de nie, dan sal ons maar weer op die 21ste vergader.

Die doel van die vergadering op die 21ste was dit nie om saam met gebied 7 se mense te beplan vir ŉ massavergadering wat gehou moes word op 26 Augustus nie? Dinge soos advertensies, voorsitters en daardie dinge te bespreek nie? -- Toe ons op die 21ste vergader het, het ons nog nie geweet dat daar ŉ vergaderplek was wat verkry is vir die 26ste nie.

Het Esau Raditsela, Dorcas Raditsela, Edith Lethlaka en beskuldigde nr. 17 hierdie vergadering van 21 Augustus 1984 van julle bygewoon? -- Dorcas was nie daar nie. Net Esau, Edith en beskuldigde nr. 17 was teenwoordig gewees.

Hoe het hulle geweet of julle vergadering hou? -- Dit weet ek nie hoe hulle dit geweet het nie.

Wat het hulle kom maak by julle vergadering? -- Hulle het met beskuldigde nr. 10 gepraat.

Wat het hulle gedoen daar op die vergadering? Wat het hulle gepraat? -- Hulle het net met beskuldigde nr. 10 gepraat. Na hulle gepraat het, is hulle toe weg.

Is dit korrek dat aanvanklik - sou julle aanvanklik saam met hulle ŉ vergadering gehou het in een vergadering of sou julle op dieselfde dag op verskillende tye vergadering gehou het? -- Daar was so ŉ praatjie gewees.

Hoe ŉ praatjie? Jy moet dit net vir my duidelik sê. -- Dat by die vergadering van die 26ste gaan ons op verskillende tye vergaderings hou. Dit wil sê tussen gebied 7 en gebied 3 se mense.

Wanneer sou gebied 3 vergadering gehou het? -- Dit was nie verduidelik wie die eerste ŉ vergadering sou hou en

wie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

wie dan later 'n vergadering by die plek sal hou nie.

Was dit nooit vir julle gesê wanneer julle die vergadersaal sou kry as mense van gebied 3 nie? -- Al wat hulle vir ons gesê het was dat die vergadering op die 26ste gehou gaan word.

HOF : En die plek? -- Die Roomse Kerk Small Farms.

MNR. JACOBS : Op hierdie huisvergadering van 21 Augustus 1984 het julle toe 'n beplanning gedoen van julle vergadering - deel van die vergadering op 26 Augustus 1984? -- Ja, ons het.

Wat se beplanning het julle gedoen? -- Ons het die sprekers vir die komende vergadering daar gekies.

En nog? -- Die volgende was die petisie wat bekend gemaak was deur Selebalo.

Nee, ek praat van beplanning wat julle gedoen het op die vergadering van 26 Augustus. Antwoord net my vraag, asseblief?

HOF : Net voordat u die vraag antwoord. Het die petisie verband gehou met die vergadering van 26 Augustus? -- Die dag van die 21ste is die petisie ook bespreek.

Was die gedagte dat die petisie voorgelê sou word aan die mense vir ondertekening op 26 Augustus? -- Dit was nie die besluit gewees nie.

MNR. JACOBS : Antwoord nou maar my vraag. Wat se beplanning was daar gedoen vir die vergadering van 26 Augustus 1984 op
K1075 hierdie huisvergadering? -- Dat daar pamflette gemaak moet word.

Is dit nou pamflette om die vergadering te adverteer vir die 26ste vir 'n spesifieke tyd en vir 'n spesifieke plek? -- Ja, die pamflet moes bekend gemaak het wanneer en waar, indien bekend is, hoe laat die vergadering gehou gaan word.

Jy/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Jy sien, ek kan nie verstaan hoe dat julle ŉ beplanning kan doen om ŉ vergadering te hou op die 26ste, dat julle nie vir die mense kan sê hoe laat moet hulle daar wees nie, dat julle nie vir die mense kan sê - die sprekers kan sê hoe laat moet hulle daar wees nie en julle self nie eers weet hoe laat om daar te wees nie? -- Die rede is omdat ons weer op die 23ste sou vergader het met die komitee om die finaliteit te bespreek van hierdie voorbereidings.

Met watter komitee sou julle vergader op die 23ste? -- Ons sou weer ŉ vergadering gehou het in hierdie huis om voorbereidings te doen vir die betrokke vergadering wat gehou sou word.

Maar antwoord nou maar net my vraag. Jy het in jou vorige antwoord gesê julle sou op die 23ste vergadering hou met die komitee. Nou vra ek vir jou met watter komitee sou julle vergadering hou? Antwoord my vraag, asseblief? -- Indien ek melding gemaak het van ŉ komitee het ek ŉ fout begaan. Ek het nie bedoel om te sê komitee nie. Ek het bedoel om aan die hof te sê dat die mense saam met wie ons altyd daar vergader het, moes weer daar bymekaar gekom het vir ŉ vergadering.

Het julle op hierdie vergadering van 21 Augustus 1984 ŉ besluit geneem dat op die massavergadering van 26 Augustus 1984 dat daar dan ŉ gebiedskomitee vir gebied 3 gekies moet word? -- Ek onthou nie meer so goed of die besluit op daardie dag geneem was nie.

Was daar so ŉ besluit ooit geneem? -- Ja, daar was.

En dat dit op die massavergadering gedoen moes word? -- Ja, dit was wel so gesê.

Wanneer was die volgende vergadering wat julle gehou

het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het? -- ŉ Vergadering wat gehou is na die 21ste, was op die 23ste gehou.

Augustus 1984? -- Ja, dit is so.

Was dit ŉ gesamentlike vergadering met die gebiedskomitee van gebied 7? -- Op die 23ste was daar net gebied 3 se mense gewees by die vergadering, nie gebied 7 teenwoordig nie.

Van die eerste een tot op die dag van die algemene vergadering op 26 Augustus 1984, hoeveel huisvergaderings het julle gehou by die huis? -- Vier.

So, dit was die laaste een hierdie op die 23ste? -- Dit is so.

En na die 23ste tot 26 Augustus 1984 was geen vergaderings gehou nie?

<u>HOF</u> : Dit kon nie gewees het as dit die laaste was nie.

<u>MNR. JACOBS</u> : Ek wil dit net baie duidelik kry, maar ek los dit daar. Op hierdie vergadering van 23 Augustus wat het daar gebeur? -- Daar het ons gereël in verband met die sprekers wat gaan optree by die massavergadering.

Het julle ook daar reëlings getref vir sprekers van gebied 7 wat sou optree? -- Ons het nie van gebied 7 se sprekers gepraat nie. Ons het van gebied 3 gepraat.

Op daardie stadium was dit al bekend aan julle gewees dat julle sou nou ŉ gesamentlike vergadering op dieselfde tyd met gebied 7 moes hou op 26 Augustus 1984? -- Ons het nie daardie boodskap op die 23ste gekry nie dat ons gesamentlik ŉ vergadering gaan hou met gebied 7 se mense.

As ek reg verstaan van jou, het julle op hierdie vergadering oor die sprekers besluit? -- Ja, dit is so.

Is dit dan besluit op hierdie vergadering dat u self en mev. Rina Mokoena sou sprekers wees? -- Ek het alreeds

gesê/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gesê dat by hierdie vergadering van die 23ste slegs gebied 3 se mense daar teenwoordig was.

Jy sien, ek verstaan dan nie jou getuienis nie. Jy praat van ŉ laaste vergadering wat julle gehou het, ŉ huisvergadering, waar julle besluit het oor sprekers, waar jy teenwoordig was, waar dit besluit was dat u self en Rina Mokoena moes sprekers wees? -- Die vergaderings waarop ek geantwoord het, naamlik die vier wat ek genoem het, is dié wat ek van praat as huisvergaderings wat in gebied 3 gehou was.

Was daar dan enige ander vergaderings gehou? -- Ja, daar was ŉ vergadering.

Wat se vergadering was dit? -- Dit was by hierdie vergadering waar dit aan ons bekend gemaak was dat gebied 3 en gebied 7 gaan nou op een plek vergader, dit wil sê gesamentlik.

Waar is die vergadering gehou? -- Gebied 7 was die vergadering gehou.

By wie se plek - wie se huis? -- By beskuldigde nr. 17 se huis.

So, dit was by ŉ huis gedoen? -- Ja, dit was in ŉ huis gewees.

Was Esau Raditsela teenwoordig op daardie vergadering? -- Hy was, ja.

Het hy deelgeneem aan die vergadering? -- Deelgeneem hoe?

Aan die verrigtinge op die vergadering?

<u>HOF</u> : Gepraat.

<u>MNR. JACOBS</u> : Besprekings? -- Ja, hy het gepraat.

Kan jy vir ons sê waaroor hy gepraat het en wat hy gesê het? -- Wat deur hom bekend gemaak was aan ons in sy deel by hierdie vergadering was dat gebiede 3 en 7 gaan nou

gesamentlik/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gesamentlik ŉ vergadering hou by hierdie vergaderplek. Die rede daarvoor is dat Evaton Ratepayers moet ook dieselfde dag gebruik maak van dieselfde lokaal en ŉ vergadering daar hou. Dit is hoekom dit so besluit is.

Is dit daar deur die vergadering op die vergadering aan Esau Raditsela enige spesifieke take opgedra wat hy moes uitvoer? -- Ja, dat hy, mnr. Raditsela, mnr. McCamel in kennis sal moet stel dat hy, McCamel, gekies is as ŉ voorsitter van die vergadering op die 26ste.

Weet jy die rede hoekom dit spesifiek aan mnr. Raditsela opgedra was om dit te doen? -- Daar was geen rede bekend gemaak hoekom mnr. Raditsela dit sal moet uitvoer nie.

Wanneer was hierdie vergadering gehou by beskuldigde nr. 17, mnr. Matlole, se huis? Hierdie gesamentlike een? -- Dit was ŉ Vrydag gewees.

Die hoeveelste? -- Die 24ste.

Van Augustus 1984? -- Dit is so.

Wanneer is dit gereël? -- Wanneer dit gereël is?

Ja, wanneer was daardie vergadering gereël dat julle sou ŉ gesamentlike vergadering hou by beskuldigde nr. 17 se huis op 24 Augustus? -- Op die dag van die 24ste het Edith Lethlake telefonies met beskuldigde nr. 10 in verbinding getree en dit was toe bespreek.

Wanneer het jy kennis gekry?

MR BIZOS : It is with reluctance that I stand to object to the line of cross-examination. Die state's indictment on page 311 in fact forms Your Lordship and us that there was a joint meeting on 24 Augustus 1984. Your Lordship will find that on page 311 of the indictment. Considerable cross-examination was directed to this witness, which may have

had/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

had the effect of confusing her by the state assuming that that was on the 23rd, but be that as it may, the allegation is on the 24th. The witness said that there was a meeting on the 24th. How far are we getting with this case, once it is common cause that there was a joint meeting on the 24th, to get detail on record as to how it came to be arranged. I submit that Your Lordship is entitled to exercise control over the length of the cross-examination. It is common cause that these meetings were held, but in issue is the purpose of the meetings and we are appealing to Your Lordship in the interests of curtailing the proceedings as much as we possibly can that this sort of cross-examination should not be allowed.

COURT : You can have a look at Salms case and then ask yourself to what extent I can curtail any cross-examination in any court, but I will ask the question. Waar gaan dit heen, mnr. Jacobs?

MNR. JACOBS : Ek wil net die samewerking kry en hoor of daar miskien iemand anders is wat saam met hulle en die koppeling kry aan VCA, was 'n groot deel van hierdie kruis-ondervraging daaraan gewy gewees.

HOF : Wat is die vraag?

MNR. JACOBS : Die vraag was net wie het vir haar kennis gegee om daarheen te gaan?

HOF : Die antwoord is klaar gegee. Edith Lethlake het vir nr. 10 gebel.

MNR. JACOBS : Edith Lethlake het glo vir beskuldigde nr. 10 in kennis gestel.

HOF : As u dit nou weet, waar kom u uit?

MNR. JACOBS : Ek sal dit daar laat. Kan u vir die hof sê

wanneer/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

wanneer het u ŉ deel geword van die Vaal Organisation of Women? -- As ek nog reg onthou was dit tussen die twee maande Junie of Julie.

En op daardie stadium wie was die voorsitter van die Vaal Organisation of Women? -- Dorcas Raditsela.

En Edith Lethlake, was sy ook ŉ lid gewees van die Vaal Organisation of Women? -- Dit is so.

En jyself, was jy op die bestuur gekies van Vaal Organisation of Women? -- Ja.

In watter hoedanigheid is jy verkies op die bestuur van Vaal Organisation of Women? -- As ŉ voorsitter van kopers van die voedsel wat benodig word.

Was jy as die gebied 3 se komitee lid, as ŉ gebiedsverteenwoordiger lid van die Vaal Organisation of Women? -- Toe ek aangesluit het by hierdie organisasie, was die organisasie alreeds besig om voedsel te koop. Ek is as ŉ voorsitter gekies daar terwyl dit aan die gang was.

<u>HOF</u> : Het u iemand anders vervang? -- Nie in gebied 3 nie.

<u>MNR. JACOBS</u> : Het jy as die voorsitter van gebied 3 se komitee sitting gehad op die bestuur van Vaal - die algemene bestuur van Vaal Organisation of Women? -- Nee.

Het jy nie ook vergaderings bygewoon van Vaal Organisation of Women se bestuur en daar kennis opgetel dat hulle is ook geaffilieer aan FEDSAW nie? -- Nee, ek was nog nie teenwoordig by so ŉ vergadering nie.

En ook terselfdertyd dat hulle geaffilieer is ook aan UDF nie? -- Nee, dit het ek alles nog nie van bewus geword nie.

En was die reëling nie gewees dat al die vrouens van VOW, Vaal Organisation of Women sal op die vergadering

van/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

van 26 Augustus 1984 die kleure van FEDSAW aangetrek het as hulle die vergadering bywoon nie? -- Nee, dit was nie bespreek nie dat lede van VOW in uniform geklee moet word.

Is dit nie so dat dit was juis een van die besluite wat geneem was op hierdie gesamentlike vergadering van Vrydag, 24 Augustus 1984 nie? -- Nee, dit is nie so nie. Daar was nie so 'n besluit gewees deur daardie vergadering nie.

En dat op daardie vergadering was dit juis besluit dat uself en Rina Mokoena sprekers moes wees op daardie vergadering om VOW, Vaal Organisation of Women, te propageer? -- Nie by hierdie vergadering nie. Dit was nie spesifiek aan enige persoon gesê waaroor daardie persoon moet handel as 'n spreker nie. Selfs Rina was net gekies as 'n spreker. Nie met 'n spesifieke doel dat sy 'n propaganda moet bevorder aangaande die organisasie nie. Sy was net gekies as 'n spreker van gebied 7.

Was julle gekies om die kant van die vrou in die stryd te gaan oordra op die vergadering? -- Ons was nie gekies met 'n spesifieke doel nie.

Was beskuldigde nr. 17 nie gekies om die beeld van die VCA op die vergadering te gaan stel nie? -- Ja, hy was gekies daar met die oog daarop dat hy aan die gehoor daar sal moet oordra wat VCA is, wat se organisasie dit is, wat die doel daarvan is in die omgewing.

So, een van die sprekers was ten minste gekies met 'n voorafbeplande doel op daardie vergadering dan. Is dit reg? -- Dit is nie so nie.

Is dit daar op die vergadering dan ook bespreek en 'n besluit geneem dat 'n spreker sal nog bekom moet word wat die jeug se sy op daardie vergadering van 26 Augustus 1984

kan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

kan gaan uitbeeld? -- Al wat gesê was daar was dat daar ŉ spreker gaan wees van die jeug. Waaroor hierdie spreker sou moes handel was nie genoem nie.

Hoekom het julle besluit dat daar moet ŉ spreker van die jeug ook wees op daardie vergadering van 26 Augustus? -- Dit was omrede daar gesinne bestaan waar daar net weeskinders is met die oudste kind wat bestempel kan word as jeug wat ook geaffekteer word. Die gevoel was dat daardie persoon ook verteenwoordig moet word.

Aan wie is die taak opgedra om hierdie spreker ten aansien van die jeug te kry? -- Daar was geen besluit geneem oor wie die persoon is wat dan die jeugspreker sal moet kry nie. Wat wel gesê was daar is die volgende. Dat daar by hierdie vergadering ŉ jeug as ŉ spreker teenwoordig gaan wees.

Weet jy wie toe gereël het dat die spreker wat die jeug verteenwoordig wel op die vergadering teenwoordig was? --Nee, dit weet ek nie wie dit gereël het nie.

Was dit op hierdie gesamentlike vergadering gereël dat Edith Lethlake sou die notule neem van die vergadering van 26 Augustus 1984? -- Ja, dit was die besluit van die vergadering.

Daar was dan ook besluit - of laat ek dit so stel. Was daar besluit net op twee moontlikhede van ŉ voorsitter vir daardie vergadering van 26 Augustus 1984? Mnr. McCamel of mnr. Mokoena? -- Ja, net die twee persone se name was genoem.

Op 26 Augustus 1984 met die vergadering was nie een van hulle daar met die aanvang van die vergadering nie? -- Ja, hulle was beide nie teenwoordig nie.

Het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Het Esau Raditsela dan voor die aanvang van die vergadering verskyn op die vergadering en ŉ aankondiging gemaak omtrent die voorsitter daar? -- Ek kan dit nie met sekerheid sê nie. Ek kan dit eintlik nie getuig nie, want dalk het dit gebeur net voor ek gekom het. Ek is nie in staat om dit te sê nie.

Terwyl jy daar is en net voordat beskuldigde nr. 8 aangegaan het op daardie stadium was jy tog daar toe hy begin het met die vergadering. Jy was eintlik, soos ek jou getuienis gister verstaan het, ŉ hele paar minute voor die aanvang van die vergadering reeds daar? -- Ja, dit is reg. Dit was my getuienis gewees.

Kan jy nie onthou dat Esau Raditsela daar ŉ lys van sprekers aan die voorsitter oorhandig het nie? -- Toe ek die oggend daar opgedaag het, het ek nie mnr. Esau Raditsela gesien nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Was u die oggend daar? -- Nee, ek bedoel op die tydstip net voor die aanvang van die vergadering.

Maar dit was in die middag? -- Ja.

Ek vra net om seker te maak, want daar was nog ŉ vergadering die oggend ook.

HOF : Het u op die verhoog gesit? -- Nee, ek het tussen die gehoor gesit.

MNR. JACOBS : Het u op enige stadium na die verhoog gegaan om daar te gaan sit of van daar te gaan praat? -- Dit is so.

Kan jy nie onthou dat Esau op ŉ stadium gesê het dat hulle moet ŉ neutrale voorsitter hê omdat dit ŉ gesamentlike vergadering is aan die mense wat daar in die vergadering is nie? Dit is ŉ gesamentlike vergadering, daarom moet hulle

ŉ/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

'n gesamentlike voorsitter hê wat neutraal is en dat hy daar aangewys moet word? -- As ek reg onthou, mnr. Raditsela het wel daardie woorde gebesig, maar nie by hierdie vergadering van die 26ste nie. Die woorde was deur hom gebesig by die vergadering van die 24ste waar ons in gebied 7 by beskuldigde nr. 17 se huis vergader het.

Maar nou verstaan ek nie hoekom sal hy dit daar sê nie, want op daardie stadium het niemand geweet dat Lord McCamel sal nie beskikbaar wees nie of mnr. Mokoena sal nie beskikbaar wees nie? -- Sy woorde was die volgende daar. Dat indien mnr. McCamel nie beskikbaar is vir hierdie vergadering as 'n voorsitter nie, dan moet daar 'n onpartydige persoon gevind word wat geen belang het in gebiede 3 en 7 nie. Dus het hy 'n voorstel gemaak van mnr. Mokoena aangesien hy geen belang sal hê by die twee gebiede nie.

Weet jy hoekom Esau Raditsela en Edith Lethlake, wat die voorsitter was van gebied 7 se gebiedskomitee nie daar by hulle georganiseerde vergadering was nie?

HOF : Op die 26ste?

MNR. JACOBS : Op 26 Augustus? -- Hulle het later opgedaag terwyl die vergadering alreeds aan die gang was.

Dit was nadat die vergadering eintlik afgehandel was, as ek jou getuienis reg verstaan? Is dit reg? -- Ek sê nie dat hulle daar opgedaag het na die vergadering klaar was nie. Ek sê met hulle aankoms daar op daardie stadium was dit tydens die besprekings van die resolusies wat deur hierdie vergadering aanvaar is.

Is jou getuienis dan, net om dit duidelik te stel, hulle het nie aangekom net op die stadium toe die verkiesing begin het nie, die verkiesing van die lede van gebied 3 se

gebiedskomitee/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gebiedskomitee nie? -- Toe daar voortgegaan was met die verkiesings, was hulle alreeds teenwoordig.

So, toe 'n deel van die besprekings op daardie vergadering plaasgevind het was hulle daar teenwoordig? -- Met hulle aankoms daar was dit tydens die voltooiing van resolusies van hierdie vergadering met betrekking tot die 3de.

HOF : Ja, maar wat bedoel u met die voltooiing van resolusies? -- Daarby bedoel ek met die afsluiting van die besprekings wat daar uitgevoer is aangaande die huur het hulle opgedaag.

Het die laaste man gepraat gehad toe hulle kom? -- Dit is so, ja.

MNR. JACOBS : En was die laaste resolusie alreeds aanvaar gewees? Met ander woorde, klaar gestem oor die resolosie, laaste resolusie? -- Ek is nou nie saam met u nie. Watter laaste resolusie praat u nou van? Ek is nie duidelik met die vraag nie.

HOF : Die vraag is vir my baie duidelik. Die heel laaste resolusie wat behandel is op die vergadering, is daar oor gestem of is daar nie oor gestem nie? -- Al waaroor gestem was, was aangaande die stigting van die komitee wat daar gekies is.

Is daar nooit enige resolusie formeel aan die vergadering gestel deur die voorsitter en vir die vergadering gevra of hulle die goed- of afkeur nie? -- Dit het gebeur, ja.

Wanneer het dit gebeur in daardie vergadering? -- Na die sprekers toesprake gelewer het, het dit gebeur.

Het die voorsitter hulle een vir een voorgelees, die resolusies en gesê "Gaan julle hiermee akkoord?" -- Ja, hy het gevra.

Toe/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Toe hy die laaste resolusie voorgelees het en gevra het "Gaan julle hiermee akkoord?" was Esau-hulle al daar of moes hulle nog kom? -- Dit is voor hulle daar ingekom het.

MNR. JACOBS : By die aanvang van hierdie vergadering het Esau, kan jy onthou, jy kan miskien jou gedagtes terug laat gaan, nie daar gesê dat hy en Edith sal nie daar teenwoordig was met die aanvang van hierdie vergadering nie, omdat hulle na ander vergaderings toe nog moet gaan? -- Ek het alreeds gesê toe ek daar opgedaag het, het ek nie ȍf mnr. Raditsela ȍf Edith gesien nie.

Nadat Esau teruggekom het by die vergadering, as ek jou getuienis reg verstaan het hy die voorsitterstoel oorgeneem? -- Met sy aankoms daar, dit was net by die begin van die verkiesings, het hy oorgeneem as ŉ voorsitter van die verkiesings.

Toe hy as voorsitter oorgeneem het, het hy toe by die gehoor verskoning gemaak en gesê hy is jammer hy kon nou nie vroeër hier gewees het nie, hy kom nou van ander vergaderings af? -- Ek het nie gehoor dat hy dit sê nie. Wat ek wel gesien het is dat hy saggies daar met mnr. Nkopane gefluister het. Dit is beskuldigde nr. 8.

Kan jy nie onthou dat hy toe miskien daar vir die mense verduidelik het hulle het ŉ resolusie aanvaar oor ŉ opmars en ŉ wegbly-aksie op die 3de nie, maar dat sulke resolusies ook geneem was by ander plekke waar hy nou net vandaan gekom het? -- Ek het hom nie gehoor so sê nie.

Is dit ŉ kwessie dat jy dit nie kan onthou nie? -- Sover as wat ek kan onthou was daar nie sulke woorde wat deur hom gebesig was nie.

Is ek reg as ek sê dat oor die algemeen kan jy nie

meer/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

meer baie goed onthou wat daar gebeur het op daardie vergadering van 26 Augustus 1984 nie? -- Dit is waar dat ek nie alles onthou nie. Die rede is omdat dit lank gelede gebeur het.

Jy sê beskuldigde nr. 17 het 'n toespraak gelewer. Het hy net een keer daar gepraat op daardie vergadering van 26 Augustus 1984 of het hy meer as een keer gepraat? -- Hy het net een keer gepraat.

Was hy op die verhoog gewees? -- Ja, hy het van die verhoog af gepraat.

Hy het op die verhoog gesit ook?-- Ja, hy het daar gesit.

Hy het selfs nie eers daar opgestaan op die verhoog om op 'n vraag eers te antwoord nie? -- Nee, ek onthou nie dat hy weer op 'n stadium opgestaan het hetsy om iets te sê of 'n antwoord te gee op 'n vraag nie.

Sy toespraak, kan jy onthou of hy oor die VCA gepraat het in sy toespraak? -- Ja, ek onthou.

Wat het hy gepraat van VCA? Wat het hy gesê van die mense van VCA? -- Wat hy aan die gehoor gesê het in sy toespraak oor die VCA was die volgende. Dat daar 'n probleem was by 'n sekere skool aangaande die registrasie en toelating van sekere kinders, na aanleiding waarvan sekere lede van VCA die ouers van die kinders vergesel het na hierdie betrokke skool toe waar hulle ook deelgeneem het aan die besprekings as gevolg waarvan hierdie kinders hertoegelaat was om by hierdie skool as skoliere te registreer.

Het hy enigiets gesê oor die doelstellings van VCA? -- Ek onthou nie. Al wat ek onthou is dit wat ek nou net genoem het.

Kan jy onthou of beskuldigde nr. 17 enigiets gesê het

omtrent/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

omtrent raadslede? -- Ek onthou nie.

Glad nie? Kan jy onthou of hy enigiets gesê het omtrent die verhogings wat daar was? -- Ek het alreeds gesê, al wat ek onthou is waar hy praat van die skoolkinders se geval. Die res van die goed onthou ek nie.

Stem jy saam jy onthou eintlik bitter min van wat beskuldigde nr. 17 gesê het op daardie vergadering? -- Ja, ek stem saam met u.

Beskuldigde nr. 10 op daardie vergadering, kan jy onthou of hy gepraat het en gesê het dat hy dien op die bestuur van die VCA as gebiedsverteenwoordiger vir gebied 3? -- Dit wat u nou vra of beskuldigde nr. 10 dit gesê het, het hy nie gesê nie.

Het hy op daardie vergadering aanbeveel en gefluit vir die stigting van gebied 3 se gebiedskomitee? -- Ek onthou nie dat hy van so iets op hierdie dag gepraat het nie.

Kan jy onthou of hy gepraat het oor die huurverhogings? -- Ja, hy het daarvan gepraat.

Wat het hy gesê omtrent die huurverhogings? -- Hy het gesê baie mense gaan na die vakbond toe waar hy werksaam is en die vakbond is nie bedoel vir die huurders of het niks te doene met die huur nie. Dit het net te doene met die werkers.

Is dit al wat jy onthou? -- Hy het ook gepraat van Ratanda se raadslede.

Het hy op enige stadium hier gesê - kan jy onthou dat die raadslede verantwoordelik is vir die huurverhoging? -- Ek kan nêrens onthou van wat hy gesê het waar hy melding daarvan gemaak het nie.

Het hy op enige stadium in sy toespraak gesê dat die

raadslede/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

raadslede is net "puppets" van die regering en "sell-outs" van die swartmense? -- Nee, ek het hom nie gehoor so sê nie.

Het hy op enige stadium ŉ voorstel daar gemaak of ŉ mosie voorgestel of iets gesê dat die raadslede moet bedank in Lekoa? -- Hy het niks gesê oor die raadslede van Lekoa nie.

Het hy daar enigiets gesê in daardie vergadering dat die raadstelsel is ook nie aanvaarbaar in daardie gebied nie? -- Ek onthou nie dat ek hom gehoor het so sê nie.

Stem jy saam behalwe vir die twee insidente wat jy of twee items wat jy noem wat hy in sy getuienis gesê het, kan jy nie naby onthou wat het hy alles gesê nie? -- Ek het hier vir die hof gesê dat wat ek nog onthou in sy toespraak is toe hy melding gemaak het van Ratanda se raadslede.

Behalwe vir dit en die ander insident van die mense wat van die unies kom, kan jy hoegenaamd nie onthou van wat hy alles gesê het nie? -- Ek onthou niks anders nie.

Beskuldigde nr. 5, was hy daar voorgestel as die spreker van die jeug wat daar sal optree? -- Ek het nie gehoor dat hy voorgestel word as ŉ spreker namens die jeug nie.

In sy toespraak kan jy onthou het hy gepleit vir eenheid tussen jeug en die ouers? -- Ek onthou nie dat hy so gesê het nie.

Kan jy onthou of hy enigiets gesê het in die lyn van dat die jeug moet die ouers steun in huole stryd teen die huur en die raadslede? -- Wat van die raadslede?

Dat die jeug die ouers moet steun in hulle stryd teen die verhoogde huur en die raadslede? -- Nee, hy het nie

op/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

op die manier gepraat soos u dit nou aan my stel nie.

Het hy dit op ŉ ander manier gesê? -- Ja.

Hoe het hy dit anders gesê? -- Wat hy gesê het is dat die kwessie van die huur affekteer die jeug ook in gevalle waar daar net weeskinders in ŉ huis woon, want die jeug wat die huis bewoon wat eintlik verantwoordelik is vir die res van die gesin daar, word deur die huur geaffekteer. Dit is op daardie basis dat hy die jeug betrek het in hierdie kwessie van die huur.

Was dit ook gesê dat die jeug moes die ouers steun in die stryd teen die huur? -- Ja, dit was gesê.

Het hy gepraat teen die raadslede en gesê dat hulle is nie aanvaarbaar nie omdat hulle "sell-outs" is, "puppets", wat nie hulle beloftes nakom nie? -- Ek onthou nie dat hy sulke woorde gebesig het nie.

HOF : "Sell-outs" of "puppets" of iets anders? -- Die hele stelling as geheel se woorde is wat ek nie onthou nie.

As u sê u onthou nie, bedoel u dit is nie gesê nie of bedoel u dit mag gesê gewees het, maar u onthou dit nie? -- Hy het glad nie die woorde gebesig nie.

HOF VERDAAG TOT 14h00. HOF HERVAT OM 14h00.

K1076 MOTLALEPULE MARTHA OLIPHANT, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mev. Oliphant, het beskuldigde nr. 5 enigiets gesê dat daar gewerk moet word sodat die raadslede moet bedank? -- Nee, hy het niks gesê in daardie lyn nie.

Het hy ŉ mosie aan hierdie vergadering voorgestel dat hulle ŉ soortgelyke mosie as die een waarvan hulle vertel het aanvaar, dat daar op 3 September ŉ wegbly-aksie moes wees, dat die verhoogde huur nie betaal moet word en dat

raadslede/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

raadslede moet bedank? -- Al waarvan hy gepraat het was die resolusies van die vergadering wat hy bygewoon het in gebied 13 wat eintlik nie identies is aan dit wat u nou net aan my gestel het nie.

Het hy 'n mosie voorgestel aan hierdie vergadering van julle, 26 Augustus 1984? -- Nee, hy het nie.

Waar was beskuldigde nr. 5 toe hy geroep is om te praat? -- Hy was op die verhoog.

Het hy gesit op die verhoog? -- Hy het agter gestaan.

Het hy slegs een keer gepraat terwyl hy daar op die verhoog was? -- Ja, ek onthou net hierdie keer wat ek nou net genoem het wat hy gepraat het.

Kan jy onthou of hy op enige vrae wat daar gestel was enige antwoorde gegee het of het hy nie opgestaan en gepraat en vrae geantwoord nie? -- Daar was wel vrae gevra. Ek kan net nie onthou of hy, beskuldigde nr. 5, ook antwoorde gegee het op sekere vrae nie.

Kan jy onthou of beskuldigde nr. 5 van die begin van die vergadering daar teenwoordig was? -- Toe ek vir die eerste keer bewus geword het van sy teenwoordigheid, is terwyl hy die toespraak gemaak het daar. Ek het nie opgelet of hy vroeër daar was of nie.

Kan jy onthou of sy naam op enige stadium voordat hy gepraat het uitgeroep was, dat hy moet kom om te kom praat, maar dat hy nie daar teenwoordig was nie? -- Dit kan ek nie onthou of sy naam genoem was nie. Dit kan wees dat 'n naam genoem is, dat ek nie geweet het wie daardie persoon was nie.

Was 'n naam geroep wat jy nie geweet het wie die persoon was nie of kan jy glad nie onthou nie? -- Elkeen van die sprekers is voorgestel aan die gehoor wat die persoon se naam is.

Hy/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Hy was glad nie bekend gewees aan my nie.

Ja, jy antwoord nou nie my vraag nie. My vraag is, kan jy onthou dat daar enige persoon se naam geroep was om te kom praat en wat dan nie daar was nie? -- Ek onthou nie dat daar ŉ naam genoem was of geroep is van ŉ persoon wat nie teenwoordig was nie.

Ek wil dit aan u stel dat julle wat hierdie vergadering gereël het, het geweet al die tyd dat daar gaan ŉ voorstel kom vir ŉ wegbly-aksie op 3 September? -- Ons het nie van so ŉ voorstel geweet nie.

En ek wil dit ook aan u stel, u het ook al die tyd geweet dat mnr. Maruping sou met ŉ voorstel kom dat daar nie net ŉ blote wegbly-aksie moet wees nie, maar dat daar gemarsjeer moet word? -- Ons het nie daarvan geweet dat mnr. Maruping so ŉ voorstel van die optog sal maak nie.

HOF : Julle was nou die leiers van die vergadering, julle het hom belê? -- Dit is so.

En die doel van die vergadering was om te beplan wat vorentoe moet gebeur wat betref die verhoging van die huur. Het julle glad nie onder mekaar bespreek watter houding julle sal inneem op die vergadering of watter moontlike oplossing daar vir die probleem is wat julle aan die hand kan doen of watter aksie aan die hand kan doen nie? -- Nee, die hele bedoeling van hierdie vergadering wat ons betref was om te gaan hoor wat die houding van die gemeenskap is, nie dat ons vir hulle gaan besluit en ŉ voorstel aan hulle maak nie.

Wat was julle eie oplossing? -- Ons het nie ŉ spesifieke oplossing gehad nie. Wat ons eintlik in gedagte gehad het was dat ons eers van die gemeenskap moet gaan hoor wat

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die gevoel is van die gemeenskap. Dit bygereken sal ons dan saam met die gemeenskap by ŉ oplossing bring.

Kan ons net duidelikheid kry. Bedoel u met hoor wat die gevoel van die gemeenskap is, hoor of hulle streng gekant is, sterk gekant is teen die huurverhoging of hoor wat hulle oplossing vir die probleem is? Wat bedoel u met daardie stelling? -- Ons wou van hulle gehoor het wat hulle besluit wat sal die einde van die kwessie van die huur word.

Sonder om hulle enige leiding te gee? -- Ja, sonder ons leiding, dat dit van hulle kant af kom.

Dit kom dan daarop neer dat die leiers van die gemeenskap geen leiding gee aan die gemeenskap nie? Enige Jan Rap en sy maat se voorstel moet dan maar bespreek word? -- Laat ek dit so stel. Vir ŉ plek om ŉ koning te hê moet daar ŉ gemeenskap wees en vir ŉ gemeenskap om beheer te word, moet daar ŉ koning wees. Die twee loop saam. Die koning sal altyd hoor wat die gevoel is van sy mense alvorens hy ŉ finale besluit kan neem. Hy kan nie net besluit nie. Dieselfde geld vir hierdie gemeenskap. Hulle kan nie net besluit sonder om die koning in ag te neem nie.

MNR. JACOBS : Is dit nie so dat met hierdie huisvergaderings was dit besluit dat julle moet iets doen om stappe te neem teen die verhoogde huur nie? -- Ek het alreeds vir die hof gesê dat ons die vergaderings gehou het met die oog daarop dat ons van die gemeenskap moet hoor hoe die gemeenskap voel aangaande die kwessie van die huur en dit was nie vir ons gewees om namens die gemeenskap te besluit wat gedoen moet word nie.

HOF : Uiteindelik het die voorstelle wat daar aanvaar is as resolusies direk of indirek gekom van die leiers van hierdie vergadering. Is dit nie reg nie? -- Nee, dit het nie van

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die leiers af gekom nie.

Ek sal vir u sê waarom ek so sê, omdat in die midde van die vergadering is gelê die besluit van die vergadering op 25 Augustus, dit is gedoen deur beskuldigde nr. 5, wat aangewys is as 'n spreker deur julle op die vergadering en daarby is gevoeg 'n byvoegsel van 'n optog wat kom van Maruping wat een van julle mense was? Is dit nie so nie? -- Die resolusies waarvan beskuldigde nr. 5 gepraat het van die vorige vergadering wat hy vroeër bygewoon het die vorige dag was nie daar genoem met die oog daarop dat dit nou aanvaar moet word deur hierdie vergadering nie. Hy het dit net genoem dat hy 'n vergadering bygewoon het en dit was die resolusies van daardie vergadering. Dit was vir hierdie mense om te besluit wat hulle wil hê.

<u>MNR. JACOBS</u> : Mev Rina Mokoena, was sy op die verhoog gewees van die begin van die vergadering af?

<u>MR BIZOS</u> : Mr Jacobs is obviously going on to another point. I think that I must draw attention that there is no basis for his suggestion and it contradicts his indictment.

<u>COURT</u> : Which suggestion?

<u>MR BIZOS</u> : That they who planned the meeting of the 26th knew what proposals were going to be made, more particularly the stay-away and the march. Because the indictment specifically sets out what decisions were taken in relation to what was going to happen at the meeting of the 26th and there is no allegation that there was going to be any suggestion that there should be a stay-away or a march and furthermore the two witnesses that have given evidence for the state, that is Mr Mokoena and the Reverend Mahlatsi who were also party to the decisions of the house meetings and the joint

meeting/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

meeting, also did not say so. So, I submit that the prosecution has got no right in the absence of such evidence, in view of the absence of such allegation in the indictment to put to this witness this particular line.

MNR. JACOBS : Die basis waarop ek hierdie vraag gestel het het ek aan die getuie uiteen gesit. Die stelling wat ek gemaak het en my respekvolle submissie is, 'n mens hoef nie elke besondere bewering in 'n klagstaat te sit om die groot globaal te bewys nie.

COURT : In any event, Mr Bizos, actually I think your complaint is against my questioning of Mr Jacobs's because I asked the witness whether they as leaders of the meeting did not discuss what solution there could be to the problem of the increased rent. There my question started.

MR BIZOS : No, that is not what I am objecting to and I submit with respect that that is a legitimate question, because that is a probing question as to the state of mind of the people who held the meeting and I have no objection to that. My objection is to Mr Jacobs putting to this witness that you who organised this meeting, knew and arranged for these proposals to be made at the meeting of the 26th, that there would be a stay-away and a march. That is the objection.

COURT : Let me just see what the question is. Is die stelling wat u gemaak het nie in stryd met u akte van beskuldiging dan nie?

MNR. JACOBS : Dit het nou skielik - ek het nie die akte direk nou voor my nie, maar ek glo nie dit is in botsing daarmee dat die beplanning was dat daar sal moet mense opgesweep word teen die staat en dit is 'n deel van hulle beplanning

om/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

om dit te bewerkstellig en op hierdie vergadering uit te bring nie. Dit is my respekvolle submissie dat hoewel dit nie miskien spesifiek genoem is dat hulle vooraf geweet het dat dit so is nie, kan ek daardie geregverdigde afleiding maak uit die getuienis wat tot nou toe gelewer is.

HOF : Ek het ook nie die akte van beskuldiging nie. Ek notuleer die beswaar van mnr. Bizos. U gaan oor na 'n ander onderwerp.

MNR. JACOBS : Mev. Rina Mokoena, was sy van die begin van die vergadering op die verhoog gewees? -- Ja, toe sy daar opgedaag het, het sy plek ingeneem op die verhoog.

Is dit nog voordat die vergadering begin het? -- Sy het daar opgedaag 'n paar minute na die gebed. Toe het sy op die verhoog gegaan.

Toe sy opgedaag het, wie was besig om te praat? -- As ek reg onthou was beskuldigde nr. 8 besig.

Was dit nog voordat beskuldigde nr. 17 sy toespraak gelewer het? -- Dit is so.

Het sy toe sy opgedaag het en gaan sit het op die verhoog, soos jy sê, daar by jou kom sit? -- Nee, toe hierdie vergadering begin het het ek tussen die gehoor gesit heel voor, maar nog tussen die gehoor. Sy het naby mev. Matsaneng gaan sit.

Op die verhoog? -- Ja, dit is so.

Het jy op enige stadium by hulle gaan aansluit by die verhoog en by hulle gaan sit op die verhoog? -- Ja, ek het op 'n stadium.

Was dit voor of na jou toespraak? -- Voor my toespraak.

Dat jy daar gaan sit het? -- Ja, ek het daar gaan sit.

Het mev. Mokoena al haar toespraak gelewer of was dit voordat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

voordat sy ŉ toespraak gelewer het? -- Dit was voor die toespraak.

Van mev. Mokoena? -- Ja, voor die toespraak van mev. Mokoena, want toe sy met haar toespraak begin het, was ek alreeds daar.

Wie van jy of mev. Mokoena het eerste ŉ toespraak gelewer? -- Mev. Mokoena het eerste ŉ toespraak gelewer.

Terwyl julle drie vrouens nou daar bymekaar gesit het, het beskuldigde nr. 17 sy toespraak gelewer? -- Ja, dit is reg.

En het beskuldigde nr. 10 sy toespraak na beskuldigde nr. 17 gelewer? -- As ek nog reg onthou , maar my geheue is nie so goed in daardie opsig nie, maar nr. 10 het alreeds gepraat toe die persoon gepraat het.

HOF : Watter persoon? -- Wat ek sê is, nadat beskuldigde nr. 17 sy toespraak gelewer het, het beskuldigde nr. 10 ŉ toespraak gelewer.

U sê nr. 10 het alreeds gepraat toe die persoon gepraat het. Wie is die persoon? -- Wat ek sê is volgens die vraag het beskuldigde nr. 10 onmiddellik sy toespraak gelewer na beskuldigde nr. 17. My antwoord is, ek kan nie meer so goed onthou of hy direk na beskuldigde nr. 17 sy toespraak gelewer het nie. Dit is die persoon, beskuldigde nr. 10.

MNR. JACOBS : En terwyl beskuldigdes nrs. 10 en 17 hulle toesprake albei gelewer het, het julle drie vrouens al drie daar gesit bymekaar? -- Dit is so.

En as iemand sou beweer dat mev. Rina Mokoena laat aangekom het by die vergadering en toe sy opdaag is sy direk geroep om te gaan praat en dat sy dit gedoen het en nie gaan sit het op die verhoog nie, is dit nie reg nie? -- Ek sê

dit/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dit is verkeerd.

Het mev. Rina Mokoena gepraat omtrent die huurverhogings, daar teen gepraat? -- Dit is so.

Wat het sy gesê daaromtrent? -- Wat sy gesê het is dat die raadslede niks doen wat ons tevrede stel nie en al wat hulle weet om goed uit te voer is die verhoging van huur wat met baie geld verhoog word en as ons na hulle toe gaan om te gaan kla oor dit, dan is daar nog geen hulp wat deur hulle aan ons aangebied word aangaande die klagtes nie.

Het sy nog iets gesê? -- Ja, sy het die vroumense daar aangemoedig om met VOW se lede gesprekke te voer sodat wanneer die vroumense enige probleme het, dat dit dan bespreek kan word met VOW se lede indien daar hulp verkry kan word, dat hulle dan daardie hulp kan kry.

Het sy enigsins iets gepraat dat die vrouens 'n belangrike rol kan speel en in die verlede 'n belangrike rol gespeel het in die stryd van die swartmense? -- Sy het nie van die stryd gepraat nie.

Het sy enigiets gesê dat die vroue moet daar verenig en die mans help in die stryd teen die raadslede en die huishuur? -- Sy het nie so gepraat nie.

Het sy enigiets gepraat van dat van die raadslede ontslae geraak moes word deurdat hulle moes bedank? -- Ja, sy het dit gesê.

Wat het sy gesê hoekom moet hulle bedank? Miskien kan ek jou help. Het sy gesê hulle is "puppets" van die regering en hulle is "sell-outs" van die swartmense en daarom moet hulle bedank? -- Nee, sy het nie daardie redes genoem nie.

Het sy enige rede gegee hoekom die raadslede moet bedank? -- 'n Rede wat sy verskaf het is dat die raadslede

nie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nie daarin kan slaag om namens ons te praat omtrent die huur wat verhoog word nie. Dit is al rede wat sy verskaf het.

Hoekom het sy gesê hoekom kan raadslede nie namens julle praat by die verhoging van huur nie? -- Dit is omdat daar mense was wat die raadslede alreeds genader het omtrent die verhoging van die huur wat hulle nie kan bekostig nie en die raadslede het nog niks daaromtrent gedoen nie.

Wat se oplossing het sy daar voorgestel, wat moet gedoen word om te verseker dat die raadslede sou bedank? -- Sy het nie 'n voorstel of 'n oplossing gegee nie.

Het sy niks gesê nie? Julle het mos nou gekom om oplossings te soek? -- Ek het alreeds gesê die sprekers was nie daar gewees om namens die gemeenskap besluite te neem of aan hulle 'n voorstel te gee wat gedoen moet word, wat die oplossing is nie. Met die gevolg mev. Mokoena kon dus nie 'n oplossing gegee het nie.

Het sy geen voorstel gemaak wat bespreek moes word nie? -- Wat sy wel voorgestel het was dat ons nie by die besighede van die raadslede gaan koop nie, sodat hulle kan besef dat ons nie daarvan hou van wat hulle doen nie.

En uself het u in u toespraak enige aantygings gemaak teen die raadslede? -- Ek het nie melding gemaak van raadslede nie.

Het u enige aantygings gemaak teen die stelstel van die raadstelsel? -- Nee, ek het niks daaromtrent gesê nie.

Het u enigiets gepraat oor vereniging tussen die mans en die vrouens in die stryd teen die verhoogde huur? -- Ek het nie so gepraat nie.

Het u enigiets gepraat omtrent die feit dat die vrouens in die verlede 'n belangrike faktor was in die stryd van

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die swartmense? -- Ek het nie so gepraat nie.

Ek wil dit aan u stel dat op hierdie vergadering was daar heelwat dinge gesê om die mense op te sweep teen die raadslede en die raadstelsel en die instrument wat gebruik was om dit te doen was die verhoogde huur? -- Die bespreking van die verhoging van huur kon nie daar gebruik word om die mense op te sweep nie, want 'n mens wat opgesweep is sal natuurlik skerp praat en sal nie homself kan beheer nie. Met die gevolg dat hy nie die regte dinge sal kan doen nie.

Jy sien, ek wil dit aan jou stel, dit is juis wat gebeur het daar. Die mense se gevoelens het hoog geloop op daardie vergadering weens hierdie toesprake? -- Ek sê die mense se gevoelens was bekommerd gewees, nie dat dit hoog was nie.

En wat meer is, hulle gevoelens was hoog gewees teen raadslede? -- Mense met hoë gevoelens en mense wat bekommerd is oor sekere dinge, is twee verskillende dinge waarvan ons praat.

Jy antwoord nie my vraag nie. Ek stel dit aan jou dat die gevoelens het hoog geloop teen die raadslede en raadstelsel? -- Ek sê die mense se gevoelens was dat hulle bekommerd was, nie hoog was nie.

U sien, ek wil dit aan u stel dat toe daar 'n man opgestaan het om te praat wat 'n onsuksesvolle kandidaat was in 'n raadsverkiesing, volgens wat 'n vrou daar sê, toe breek daar wanorde uit? -- Nee, die wanorde wat daar was, was as gevolg van die mense wat onder mekaar gestry het. Party het gesê hy moet toegelaat word om te praat en die ander sê nee, hy moenie toegelaat word nie. Met ander woorde ek sê dit was nie as gevolg van die hoë gevoelens gewees dat

daar/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

daar ŉ wanorde was nie.

Gevoelens het so hoog geloop dat een man nie eers daarin kon slaag om daardie mense te beheer nie. Twee mense moes probeer? -- Vir die feit dat die wanorde probeer beheer was, dat mense stil moet bly, is ŉ aanduiding dat ons daarheen gegaan het met ŉ goeie gees. Ons het nie daar gaan baklei nie.

Wat verder is, dat hierdie man was nie eers ŉ raadslid op daardie stadium nie. Is dit reg en almal het dit geweet?

HOF : Hierdie man se naam was Masenya volgens die getuie. Ons kan hom maar op sy naam noem.

MNR. JACOBS : Masenya was nie eers ŉ raadslid op daardie stadium nie? -- Ja, dit is waar. Hy was nie ŉ raadslid nie.

HOF : Hy was nooit ŉ raadslid nie.

MNR. JACOBS : Ek wil dit aan u stel dat die gevoelens was so sterk gewees dat hy was nie toegelaat om te praat nie, tensy hy spesifiek die raadslede repudieer? -- Nee, dit is nie reg nie. Om weer te wys dat daar geen gevoelens was wat hoog was nie, was die persoon toe weer later toegelaat om te praat.

Maar op daardie stadium was hy nie toegelaat om te praat tensy hy die raadslede repudieer nie? -- My antwoord daarop is dat mnr. Masenya was nie deur die leiers van die vergadering gestop nie. Masenya was gestop deur ŉ vroumens van die gehoor af. Die mense in beheer van die vergadering om u te oortuig dat hulle daar was met ŉ goeie gees, het hulle probeer om die geraas te stop. Dit is nie hulle wat vir Masenya gesê het dat hy nie moet praat nie.

Wie het hom dan gestop dat hy praat? Het die voorsitter van die vergadering toe vir hom ŉ geleentheid gebied om te

praat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

praat en het hy toe gepraat? -- Die voorsitter het gesê dat die persoon ꞌn kans gegee moet word, dit is Masenya, om te praat, maar op daardie stadium het hy toe nie gepraat nie, hy het net gaan sit.

Nou hoekom nie? Weet jy? -- Nee, ek weet nie hoekom hy gesit het nie.

Is dit nie so dat in daardie wanorde wat daar gewees het was daar ook dreigemente teen hierdie man geopper daar uit die vergadering deur die vergadering nie? -- As daar enige dreigemente was sou hy nie nog in daardie vergadering gesit het nie.

Het jy dit gehoor of kon jy dit nie hoor nie, was die geraas te groot? -- Ek het geen dreigemente gehoor wat aan hom gemaak was nie.

HOF : Waar het Masenya gesit? -- Hy was tussen die gehoor meer na vorentoe toe, dit wil sê die verhoog se kant toe in die nabyheid van ꞌn ingang.

Aan die kant? -- Ja, ek sal sê aan die kant want ek skat ongeveer vier tot vyf treë vanaf die deur het ꞌn mens toe by hom gekom waar hy gesit het.

MNR. JACOBS : Hoekom kon jy dan nie hoor wat Masenya wou gesê het voordat daar nog lawaai was nie? Nie wou gesê het nie, wat hy gesê het ter aanvang toe hy opgestaan het? -- Toe hy daar opgestaan het aanvanklik, al wat ek gehoor het waarvan hy gepraat het, was toe hy die naam van die raadslede noem. Voor hy iets verder gesê het wat hy wou gesê het oor die raadslede, het die vroumens opgestaan en hom in die rede geval, dat hy moet stop. Dus het hy gestop.

Is dit al woord wat jy uit die mond van Masenya daar gehoor het , is die woord "raadslede", "councillors"? --

Dit/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Dit is so.

Het jy dan nie gehoor dat hy homself voorstel en sy adres voorstel van waar af hy kom nie? -- Ek het dit nie gehoor nie.

En dat hy gesê het hy stem saam met wat die sprekers hier voor hom gesê het? -- Ek het dit nie gehoor nie.

En dit was alles gesê voordat hy gekom het by die "councillors" deel? -- Ek het dit nie gehoor nie. Ek het net die woord, die naam van die raadslede "councillors" gehoor.

Jy kan geen verduideliking gee hoekom hy jy al hierdie dinge gehoor het nie? -- Ek neem aan as 'n persoon nie iets gehoor het nie, is omdat daardie persoon dit nie gehoor het nie.

HOF : Ja, dit kan wees. Dit kan wees omdat die persoon doof is, of dat die persoon te ver weg was of omdat die ander persoon dit nie gesê het nie. -- Al het hy dit miskien gesê en dit het gebeur dat ek dit nie gehoor het nie, is dit om daardie rede dat ek sê ek het dit nie gehoor nie.

MNR. JACOBS : Kan jy vir ons sê wat het daardie vrou gesê? -- Wat sy gesê het was jy het daar gestaan as 'n kandidaat vir die verkiesings op die raad. Jy het nie daarin geslaag om gekies te word om in die raad te dien nie. As jy geslaag het, sou jy nie vandag saam met ons hier gewees het nie. Dit is die woorde wat sy aan hom gesê het en toe verder gesê dat hy, Masenya, moet sit.

Is dit al? -- Wat ek onthou, ja. Dit is al.

Het enigiemand daar gesê dat hy sal nie toegelaat word om te praat voor hy nie die raadslede of raadstelsel repudieer nie? -- Ek het niemand gehoor dit sê nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Net interessantheidshalwe, die

getuienis/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

getuienis was van mnr. Masenya se kant en ek glo nie dit was betwis nie, dat hy nooit ŉ kandidaat was vir ŉ raadsverkiesing of ŉ verkiesing nie. Is dit ŉ bekende feit? -- Dit is baie goed bekend.

HOF : So, die vrou het dit heeltemal mis gehad. Was die vrou heeltemal verkeerd in haar stelling? -- Daar was niks verkeerd met die stelling van hierdie vroumens nie. Dit was ŉ bekende feit dat Masenya wel ŉ kandidaat was, want dit was op papier gewees dat Masenya daar as ŉ kandidaat is vir daardie wyk. Almal kon dit sien. Dit was in swart en wit geskryf.

Watter wyk was dit? -- As ek reg onthou wat hy ŉ kandidaat in gebied 7.

MNR. JACOBS : Was daar op die stemdag van 30 November 1983 - was hy ook ŉ kandidaat wat daar gestaan het en was daar stembriefies uit waarop die mense vir hom moes stem? -- Ek kan nie met sekerheid sê nie. Ek kan nie daaromtrent getuig nie. Ek sal u sê hoekom nie. Ek woon in gebied 3. Elke gebied het sy stemlokaal gehad. So, ek was nie by gebied 7 se stemlokaal nie. Dus kan ek nie sê of hy ook sy eie stembus daar gehad het nie.

So, is dit dan reg, dit is nie so algemeen bekend soos u nou wil voorgee hier in die hof nie? -- Op watter manier?

Jy weet dan nie eers of daar vir hom gestem kon word op die dag van die verkiesing nie dat hy ŉ kandidaat was? -- Maar ek dink ek het alreeds daarop geantwoord. Ek woon in gebied 3. Dit is waar ek was by die stemlokale. Dit is seker logies dat ek nie ŉ stembus in gebied 7 kon gesien het nie.

Kan u vir die hof sê of betwis of ontken dat dit gebeur

het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het dat op daardie vergadering van 26 Augustus 1984 ŉ vraag gestel was deur ŉ persoon in die vergadering van wat sal gebeur met die kinders van enigiemand wat aan die optog of wegbly-aksie sou deelneem en dan daar beseer word? -- Ek onthou nie daardie vraag nie.

Kan u betwis dat so ŉ vraag gevra was? -- Die vraag wat gevra was daar is nie presies soos u dit nou gestel het nie.

Het enigiemand daarso gevra wat sou gebeur met kinders van mense wat beseer was - vergeet van arres vir eers - in die optog? -- Ek het nie so ŉ vraag gehoor nie.

Kan u onthou of enigiemand daar ŉ antwoord gegee het op daardie vergadering op enige vraag dat die swartmense van die Vaal woongebiede is mense wat saam staan en dat hulle sal om sien na kinders wat om een of ander rede die ouers, hetsy arresteer of beseer, nie kan omsien na die kinders nie? -- Daar was so ŉ antwoord gewees, ja.

Wie het so ŉ antwoord gegee? -- Ek onthou nie wie die antwoord gegee het nie en wat ek wel kan sê is dat daar was so ŉ antwoord.

Toe daar so ŉ antwoord gegee was, het julle nie ŉ bespreking gevoer van wat sal gebeur as die polisie wel optree teen mense in die opmars nie? -- Dit was bespreek.

En was dit toe dan bespreek wat sal gebeur met die mense as die polisie hulle arresteer en daar geweld uitbreek? -- Die antwoord daarop was dat ek glo nie dat die polisie iemand kan arresteer in hierdie optog nie, want wat ons daar doen is niks verkeerd nie.

Is dit gesê op die vergadering wat julle daar doen is wettig? -- Niemand het van die wet in hierdie vergadering gepraat nie. Het iemand daar geantwoord in hierdie sin

dat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dat mense moes deelneem aan die optog, al keer die polisie hulle, dat die mense nie moet lafaards wees en dan die voorbeeld gebruik van Gideon in die Bybel nie? -- Ja, daar was so 'n praatjie gewees.

Wie het daardie antwoord gegee vir die mense? -- Beskuldigde nr. 17.

Was dit op 'n vraag? -- Ja.

Maar jy het dan netnou vir die hof gesê hy het net een keer gepraat, maar nie 'n vraag geantwoord nie? -- Ek het hier vir die hof gesê dat ek nie alles kan onthou van wat daar gebeur het nie, want dit het lank gelede plaasgevind, maar terwyl u my vrae vra oor die dinge, onthou ek dit en dan val dit my by.

Dan kan jy ook vir ons sê watter beskuldigde nr. 17 gesê in watter opsigte moet die mense nie lafaards wees nie, wat moet hulle doen? -- Met die lafhartigheid waarvan hy gepraat het, het hy bedoel die mense moet dapper word en bereid wees om te gaan staan vir hierdie kwessie wat onder bespreking is, naamlik die huur.

So, hulle moet dapper wees en aktief optree teen hierdie huur? -- Kan u vir my verduidelik wat die aktiwiteit beteken in hierdie sin?

Ek vra nou vir jou, het hy gevra dat die mense moet dapper wees en hulle moet nou optree teen die huurverhogings en die raadslede? -- In sy gesprek het hy gesê die mense moet nie retireer nie. Hulle moet 'n eenheid vorm en so bly teenoor hierdie huurgeval.

So, nou het ons 'n geval waar van die leiers waarvan jy praat tog vir die mense gesê het wat om te doen? -- Om dit te sê was hy besig om dit te verduidelik dat mense wat

eintlik/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

eintlik ŉ eenvormigheid vorm, sal altyd in staat wees om probleme baas te raak.

HOF : Mnr. die tolk, bedoel u met eenvormigheid vorm, mense wat saamstaan of bedoel u iets anders? -- Wat saamstaan. Dat hulle daarin kan slaag om probleme baas te raak en toe ŉ voorbeeld gemaak van die skoolprobleem wat al vroeër bestaan het.

MNR. JACOBS : Jy sê hierdie was, waar hy gepraat het dat die mense moet dapper wees, moenie lafaards wees nie, was in sy hoof toespraak gegee? Toe hy gepraat het oor die skoolprobleem? -- Ja, dit was in sy hoof toespraak gewees.

Jy sê dit was nie deel van ŉ antwoord wat hy gegee het nie, op ŉ vraag nie? -- As ŉ persoon nou antwoord, word dit dan nie ŉ manier van praat nie, want die persoon praat in antwoord?

Antwoord net my vraag. Hy het nie gesê die mense moet dapper wees en nie lafaards wees nie en verwys na Gidoen nie in antwoord op ŉ vraag nie, maar dit was deel van sy hoof toespraak? -- Ek het alreeds gesê dit was bevat in ŉ antwoord op ŉ vraag.

Kan jy vir die hof sê, kan jy betwis of bevestig dat daar op daardie vergadering ŉ vraag gestel was oor wat sou gebeur as van die lede van die publiek, van die inwoners van daardie woongebiede die besluit van die vergadering dat verhoogde huur nie betaal moet word nie, sou ignoreer en wel gaan om daardie huur te betaal? -- Daar was geen so ŉ vraag gewees nie.

Was daar enigiets gesê omtrent mense wat stoporders geteken het en dat indien hulle sou betaal, wat dan gebeur? -- Ek onthou nie so ŉ vraag, dat daar so ŉ vraag was nie.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Was daar 'n vraag gevra deur 'n huurmotorbestuurder wat sou gebeur, wat daarvan as huurmotors wel sou ry op die dag van 3 September en hulle huurmotors word met klippe gegooi? -- Ja, daar was so 'n vraag gewees.

Wat is gesê, wat sou gebeur as die huurmotors met klippe gegooi word? -- Die antwoord op daardie vraag was daar is niemand wat die huurmotors met klippe sal bestook nie.

Is daar nie iets gesê dat dit die beste was as hy bang is dat sy kar met klippe gegooi kan word, dat hy dit maar moet bêre nie? -- Nee, ek kan nie sulke woorde in my gedagte onthou nie.

Is dit reg, die besluit van hierdie vergadering was dat die enigste voertuie wat toegelaat sou word om te beweeg op 3 September sou ambulanse gewees het? -- Dit is die waarheid,

En die enigste ander mense wat toegelaat sou word om werk toe te gaan, was verpleegsters? -- Dit is so.

As dit die enigste voertuie was wat toegelaat was om te beweeg en die enigste mense wat toegelaat was om werk toe te gaan, hoe sou julle te werk gegaan het dan om te keer dat ander mense werk toe gaan of ander voertuie beweeg? -- Die besluit daaromtrent, dit is aangaande die voertuie, was dat die kantore van die busdiens genader gaan word en met hulle gereël word. Dieselfde geld vir die huurmotors.

Dit is nou reëlings wat getref sou word, maar my vraag is, as daar net daardie voertuie, die ambulanse toegelaat sou word, wie sou dan verhoed dat ander voertuie beweeg in daardie woonbuurt? -- Daar sou 'n versoek gewees het wat gerig word aan die buseienaars en huurmotors dat die twee tipe voertuie nie die dag moet opereer nie.

En/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

En as hulle nie gehoor gee aan die versoek nie, wat dan? Hoe gaan julle keer dat daardie mense - om te verseker dat daar nie toegelaat word dat hulle voertuie beweeg nie? -- Daar was geen ander manier waarop ons dit kon verhoed het nie, want hierdie vergadering was nie daar gewees om mense te verplig nie.

Hoe sou julle verhoed het dat ander mense gaan werk daardie dag? -- Ek verstaan nie u vraag nie, want die resolusies is aanvaar in die vergadering waar die mense teenwoordig was. Watter mense u nou van praat, kan ek nie verstaan nie, want dit was besluit in 'n vergadering waar hulle was.

So, as mense gaan werk daardie dag, hoe sou julle hulle gekeer het dat mense gaan werk? -- Ek het alreeds gesê ons sou hulle nie gestop het nie, want ons het nie die mense daar geroep om hulle te dwing nie.

Is dit nie so dat die jong mense moes daardie oggend van 3 September 1984 na die busstoppe toe gaan en kyk dat die mense nie die busse haal en hulle oorreed en keer en sê hulle moet by die optog aansluit nie? -- In wie se opdrag sou dit plaasgevind het?

Julle s'n wat hierdie hele ding organiseer het? -- Niemand het so 'n opdrag vir die jeug gegee nie. Ek het alreeds vir die hof hier gesê dat die mense nie bymekaar geroep was by hierdie vergadering om gedwing te word nie. Dus was daar niemand wat gedwing was om enigiets te doen nie.

MR BIZOS : This is again a proposition made to the witness without any evidence from any state witness or any other witness. The witness is being accused of having committed a criminal act instructing young people to go and prevent people from going to work and other matters on a basis on

which/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

which there has been no evidence at all. I submit the prosecutor must be limited. If he has a case, he must put it before the court. He is entitled to put the case that he has put in court to witnesses not to suck things out of the air, with respect.

HOF : Op wat baseer u dit?

MNR. JACOBS : My volgende vraag sou wees dat dit wel gebeur het, volgens 'n stelling wat gemaak is, dat jong mense in Sebokeng op 3 September die oggend in groepies by die busstoppe rondbeweeg het en mense daarso ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Ja, daar is getuienis dat dit gebeur het. Onder andere is dit ook gestel aan 'n getuie, maar die beswaar is dat dit nie deel is van u saak nie, dat daardie gekoppel word aan hierdie vergadering. U is nou besig met die vergadering van 26 Augustus.

MNR. JACOBS : My respekvolle submissie, die hele opset om te verseker dat die mense 3 September in Sebokeng en die ander woonbuurtes is en wat daarop gevolg het, die geweldpleging wat daarop gevolg het, dat alles hierdie is deel daarvan. Dit is om te verseker dat die mense daar is en om hulle beskikbaar te hê.

HOF : Die vraag word toegelaat.

MNR. JACOBS : Kan u antwoord, asseblief?

HOF : Wel, die antwoord is niemand het so 'n opdrag gegee nie.

MNR. JACOBS : Die tweede vraag is dat dit het wel gebeur dat die jong mense mense verhoed het om vervoer te bestyg en die woongebiede te verlaat na werke toe? -- Ek stem nie saam met die stelling nie, want ek het dit nie gesien gebeur

nie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nie.

En ek wil dit aan u stel ook dat dit is die rede ook, een van die redes hoekom dit ook belangrik was dat die jong mense en skoolgaande kinders op 3 September nie skole toe moes gaan nie, maar moes deelneem aan die wegbly-aksie? -- Ek stem nie saam nie, want my verstaan van ŉ kind is dat ŉ kind ŉ klein kind is en ŉ kind word opdragte gegee deur die ouers om iets te doen. Hoe kan ŉ kind betrek word in ŉ kwessie van ŉ huurdispuut?

HOF : Tot op watter ouderdom is iemand ŉ kind volgens u? -- ŉ Baba tot 21. Van ŉ baba af tot 21.

Vind u dat kinders van 20½ nog luister? -- Ja, jou kind, as jy die kind goeie maniere geleer het, al is daardie kind hoe oud, daardie kind sal luister na wat jy vir hom sê.

MNR. JACOBS : Jy sien, ek wil dit aan jou verder stel dat volgens die dokument wat uitgegee is na die vergaderings word dit ook gestel dat die kinders pertinent ŉ aandeel gehad het aan die resolusies wat geneem was. Kyk na BEWYSSTUK AN15 nommer 2. -- Nee, ek weet nie van hierdie een nie.

HOF : Watter standerd het u op skool behaal? -- Dit is Vorm 2 te Lekoa Shandu.

Dit is in Lekoa? -- Ja, dit is in Sharpeville.

Vorm 2 is Standerd 7? -- Op ŉ stadium was vorm 2 standerd 8 gewees.

Wat was hy toe u hom deurgekom het? -- Toe was dit standerd 8 gewees.

K1077 Het u ooit hierdie kennisgewing gesien, BEWYSSTUK AN15.2? -- Nee, ek het dit nog nie gesien nie.

MNR. JACOBS : Op 3 September 1984 moes die raadslede se besighede ook toe gewees het?

HOF/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF : Gaan u weg van die dokument af?

MNR. JACOBS : Ek wil dit eintlik hier aan gekoppel het. Vir 24 uur "All businesses must be closed for 24 hours." Ek wou dit daaraan gekoppel het. -- Ja, dit is wat gesê was.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Is dit die kwessie van die besighede wat moet toe wees? Is dit gesê?

MNR. JACOBS : Ja.

HOF : Op die vergadering? -- Ja, dit was by die vergadering gesê.

Is daar gepraat van 24 uur? -- Al wat gesê is daar is dat daar word ћ versoek gerig dat die besighede ook hierdie dag sal sluit. Hulle het nie spesifiek gesê daar op die vergadering vir hoe lank of wat die tye is vir die sluiting van die besighede nie.

Dit is dus ћ bietjie sterker gestel as wat die vergadering besluit het op hierdie kennisgewing? -- Ek het alreeds hier vir die hof gesê dat niemand gedwing was op die versoeke nie. Al wat ons sou gedoen het volgens wat gesê was op die vergadering, dat daar versoeke gerig gaan word.

Want u weet daardie verwysing na die kinders en die werkers wat nie mag gaan werk nie of skool toe gaan nie en die besighede wat gesluit moet wees, dit is nie versoeke nie, dit is meer in die lyn van opdragte? -- Ek het dit besef. Dit is hoekom ek gesê het ek stem nie saam met hierdie dokument nie, want ek het dit agtergekom dat hier word mense net ћ opdrag gegee wat gedoen moet word en dit is nie ћ versoek nie.

U weet nie wat die oorsprong is van die dokument nie? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

MNR. JACOBS : Ek wil dit net aan u stel ook verder dat

hierdie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hierdie resolusies wat hier beliggaam word, is almal resolusies wat geneem was op die vergadering van 3 September? Nie op 3 September nie. Resolusies geneem op 26 Augustus 1984? -- Ek stem nie saam met u stelling nie.

Is dit nie so dat op 26 Augustus ... (Hof kom tussenbei)

HOF : In watter opsig stem u nie saam nie? -- In hierdie opsig, die resolusies op die vergadering was dat die R5,90 nie betaal word nie. Die raadslede moet bedank en die sluiting van die besighede. Hier word melding gemaak van die kinders ook en by die resolusies daar, was daar geen kinders betrek gewees nie.

Weet u miskien in daardie tyd van aparte vergaderings van kinders en werkers? -- Ek dra geen kennis daarvan nie.

MNR. JACOBS : Net om aan te sluit by wat nou vir u gevra was. Was dit nie ŉ resolusie wat aanvaar is op 26 Augustus 1984 dat kinders sou ook nie op die 3de skool toe gegaan het nie? Of deel van die resolusie oor die hele wegbly nie? -- Nee, dit het ek nie gehoor dat daar gemeld word nie.

HOF : Is u kinders skool toe op die 3de? -- Nee, my kinders was nie skool toe nie, want daar was nie vervoer gewees nie. My kinders wat skoolgaande is, se skool is in Sharpeville. Almal van hulle.

Sou hulle gery het met die trein of met die bus? -- ŉ Trein wat daar is is nie vir Sharpeville nie, maar dit gaan na Vereeniging toe.

So, hulle sou bus gery het? -- Ja, as daar busse was.

Ry daar ŉ skoolbus of ry hulle met die gewone bus? -- Daar is busse vir skoolkinders.

Skoolbusse? -- Ja.

En dié het nie opgedaag nie? -- Nee, nie op hierdie

dag/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dag nie. Hulle het nie opgedaag nie.

Hoe laat moes hulle gekom het? -- Daar is twee van hulle. Daar is een vir die kinders wat vroeër begin, dit wil sê om 05h45. Dit is vir die kinders wat eerste begin en dan die tweede een is 07h00 op die kop.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Kan ons miskien net verder vra, met watter bus ry u eie kinders? Met die vroeë bus of met die latere bus? -- Hulle ry met die 07h00 bus, want hulle skool begin om 07h45.

Was hulle in skooldrag gekleed en by die bushalte om 07h00? -- Ja, hulle het gegaan.

HOF : Waar begin hierdie bus? Kyk, hy ry nou na Sharpeville toe. Waar is sy beginpunt? -- Dit begin by die terminus en dan ry dit deur die gebiede tot by die laaste gebied en dan ry hy uit na Sharpeville toe.

Die terminus is die een wat aan die westekant naby die Golden Highway is? -- Die terminus wat ek van praat is net binne-in die gebied van Evaton. Dit is die beginpunt van die busse, nie by die busse se parkeerplek nie.

Is dit nou die terminus net van die skoolbusse? -- Nee, dit is ŉ afryplek van al die busse wat daardie roete gebruik. Dit is die beginpunt daar.

Is dit Vaal Transport Busse? -- Dit is so.

Loop hulle op die gewone roete waar gewone passasiers ook opgelaai word? -- Ja.

MNR. JACOBS : U sien, ek wil dit aan u stel dat op die oggend van die 3de vroeg, toe het die busse geloop aanvanklik. Hulle het gearriveer by die punte daar? -- As waar busse was soos u dit stel, dan sou my kinders die bus gehaal het en skool toe gery het.

Ek/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Ek wil dit aan u stel dat u kinders is nie skool toe nie, nie omdat daar nie busse was nie, maar vir een of ander ander rede? -- Ek het alreeds gesê hierdie kwessie van hierdie dag het te doene gehad met die ouers en nie die kinders nie. Dus kan ek nie 'n rede sien wat se ander rede daar kon gewees het vir my kinders om nie skool toe te gaan nie.

Is die rede nie dat hulle glad nie skool toe gegaan het nie, omdat hulle ook moes weggebly het? -- Ek stem nie saam met hierdie stelling nie.

HOF : Hoe laat het u kinders weer by die huis gekom? -- Dit was net voor 08h00. Presies hoe laat dit was kan ek nie meer onthou nie.

MNR. JACOBS : Was jou man op die vergadering van 26 Augustus 1984 toe al hierdie besluite geneem was? -- Ja, hy was teenwoordig.

Wanneer het julle besluit dat julle gaan deelneem aan die optog op 3 September 1984? -- Met wie besluit?

Jy en jou man? -- Daar by die vergadering is die plek waar ons besluit het dat ons gaan deelneem aan die optog.

Hoekom is julle dan nie saam van die huis af weg om na die optog toe te gaan nie? -- Dit is omdat hy vinniger kan loop as ek. Ek het probleme met my loop as gevolg van my voete. Ek moet maar my tyd vat om by die plek uit te kom.

Het jy nou probleme om te loop? -- Ja, ek kan nie vir 'n lang distansie loop as gevolg van my voete se probleme wat ek het nie.

Ek het gister jou getuienis-in-hoof verstaan dat jy het nie 'n loopprobleem gehad nie? -- Hoekom stel u dit?

Dit is soos u gister getuig het. Dit is soos ek jou getuienis onthou wat jy gister gesê het? -- Ek het gister

hier/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hier gesê ek het probleme met my voete.

En probleme om te loop? -- Ja, as jou voete pyn, sal jou voete jou beheer hoe vinnig of hoe ver jy kan loop.

Ek het iets vergeet. Net voor ek afstap van die ander aspek af. Was dit op die vergadering van 26 Augustus 1984 besluit dat dit bekend gemaak moet word aan die ander mense wat nie op die vergadering is nie dat daar 'n wegbly-aksie gaan wees, dat die huur nie betaal moet word nie en dat daar byeen gekom sou word by die Roomse Kerk in Small Farms? -- Dit was wel bekend gemaak aan hierdie gehoor dat oor die andere, behalwe dat ons by Small Farms se Roomse Kerk die dag sal moet ontmoet. Dit was nie onmiddellik daar genoem nie.

Maar my vraag is, was dit op daardie vergadering besluit dat dit moet bekend gemaak word aan die ander mense as wat op die vergadering is? -- As ek reg is, het ek alreeds daardie vraag beantwoord deur te sê dat die gemeenskap was daar gewees in groot getalle. Dus het hulle self gehoor.

Kan ek dit vir jou so stel, was die hele gemeenskap se mense op daardie vergadering van 26 Augustus? -- Dit was nie die hele gemeenskap gewees nie.

Nou vra ek weer vir jou 'n vraag, was dit besluit op daardie vergadering om vir die mense van die gemeenskap wat nie op die vergadering was nie, om aan hulle bekend te maak wat julle besluit het daar? -- Die resolusie daar was dat wie ook al daar teenwoordig was, sal die boodskap oordra aan sy buurman of buurvrou wat nie by die vergadering teenwoordig was nie.

Ek wil dit aan jou stel dat dit is ook besluit dat daar kennisgewings sou wees en dat daar ook luidsprekers van

gebruik/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gebruik gemaak sou word en dat hierdie BEWYSSTUK AN15.2 is die kennisgewing wat uitgegaan het soos besluit was op daardie vergadering? -- Nee, ek het nie van so ŉ besluit gehoor nie.

Was daar op die oggend van 3 September en 2 September per luidspreker aankondigings gedoen van hierdie wegbly-aksie op 3 September en van die byeenkoms by die Roomse Kerk? -- Die enigste aankondiging wat daar met ŉ luidspreker gemaak was, wat ek gehoor het, was dat die mense by die Roomse Kerk te Small Farms op die 3de bymekaar moet kom.

En jou man was een van die mense wat oor die luidspreker die aankondiging gedoen het? -- Nee, dit weet ek nie of hy die persoon was nie.

Nee, een van die mense wat gehelp het daarmee? -- Ek sal nie kan sê of dit nie hy is nie, want ek is nie in staat om daaroor te getuig of hy wel daar was of nie.

Het jy dan nie gesien toe hulle hom daar kom haal dat hulle ŉ luidsprekerstelsel het en dat hy saam met die ander gaan met die luidsprekerstelsel van die huis af nie? -- Nee, ek kan nie.

Het jou man dit selfs nooit aan jou vertel nie? -- Dit was nie belangrik gewees dat hy my daarvan moet sê as hy die aankondiging met ŉ luidspreker aan die gemeenskap gaan maak nie.

Nou vra ek jou net weer, het jou man jou nie daarvan gesê nie? Ja of nee. Dit is ŉ simpel vraag. -- Hy het my nie gesê nie.

Die oggend van 3 September 1984 toe jy by die kerk gearriveer het, is jy in die perseel in, in die vierkant in? -- Ja, ek het direk verby gestap na die kerksaal toe.

Het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Het jy die kerksaal vanuit die vierkant binnegegaan?
-- Ja.

Toe jy daar aangekom het, het jy jou man daar raakgeloop?
-- Ek het nie opgelet wie almal op die erf was nie, want ek het net gekyk in die rigting van die saal waar ek moet ingaan.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 22 JANUARIE 1988.

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.